

Die invloed van 'n fisieke
aktiwiteitsintervensieprogram op die selfkonsep
en voorkoms van obesiteit by adolessente: **PLAY**
studie.

Dollien Naude
(B.Sc. Honneurs)

VERHANDELING VOORGELÊ VIR DIE GRAAD MAGISTER
SCIENTAE IN DIE SKOOL VIR BIOKINETIKA, REKREASIE EN
SPORTWETENSKAP AAN DIE NOORDWES- UNIVERSITEIT
(POTCHEFSTROOM KAMPUS)

Studieleier: Prof. J. Hans de Ridder

Medeleier: Dr. Cornelia C. Wessels

Hulpleser: Dr. Colette Underhay

Potchefstroom

Februarie 2006

VOORWOORD

"Onse Vader wat in die hemel is, baie dankie dat U my deur hierdie verhandeling gelei het. Dankie dat U vir my die nodige kennis, wysheid, geduld en krag gegee het om deur die tydperk te kom en om by te dra tot die wetenskap sodat ander ook uit my werk kan baat. Seën asb al die mense wat my gehelp het en bygestaan het. Dankie vir al die talente wat U vir my gegee het om ander mense te kan help. Sonder U is ek niks. Al die eer aan U! Amen"

Dankie aan die volgende:

- ◆ *My studieleier Prof Hans: vir al u hulp en leiding en dat u bereid was om my te help. Ek waardeer u moeite en stiptelikheid. U is werklik 'n rolmodel en GOEIE dosent.*
- ◆ *My mede- en hulp-studieleiers: Dr. Wessels en Dr. Colette, baie dankie vir u ondersteuning en leiding wat u aan my gegee het. Baie dankie vir u tyd en geduld elke keer as ek aan u deure klop.*
- ◆ *Aan my ouers, Danie en Mariaan Naude: Baie dankie dat julle my 'n kans gegee het en so geduldig is met my lang studies. Ek is werklik geseën met ouers soos julle. Geen aantal grade kan wys hoe ek Pa en Ma se liefde en ondersteuning waardeer nie.*
- ◆ *Aan al my vriende: Veral Lizelle, jy gaan nog vër in die lewe kom. Dankie vir jou bystand in hierdie M en veral vir jou vriendskap en somer net vir jou. Dankie aan al my vriende tydens internskap en die res van ons lewe: Anne, Lucy, Wilna – SS!!!*
- ◆ *Dr. Suria Ellis: Dankie vir al die statistiek wat u my mee gehelp het*
- ◆ *Prof. Salomé Kruger en NRF: Dankie vir die geleentheid om die navorsing te doen en die finansiële ondersteuning.*
- ◆ *Baie dankie aan Mev. Cecilia Van der Walt vir die taalversorging van die verhandeling.*

Die skrywer

Februarie 2006

ABSTRACT

Body composition, obesity, self-concept and physical activity intervention among adolescents: PLAY study

The prevalence of obesity is a growing problem for children and adolescents worldwide (Schwellnus & Derman, 2003:12; Verster, 2001:15; Cameron, 1999:75). Obesity contributes to primary and secondary health risks such as coronary heart disease and diabetes (Kalk, 2001:576). Obesity is inheritable as well as the health disorders associated with the type of obesity (Kalk, 2001:576; Dietz, 1995:157; Garfinkel & Cosina, 1990:511; Bouchard *et al.*, 1985:64). A possible cause for the increase of obesity is inactivity, and this generates numerous health problems for children and adolescents (Du Toit & Van der Merwe, 2003:49; Verster, 2001:15; Kalk, 2001:576; Steinbeck, 2000:28; Cameron, 1999:75; Reilley *et al.*, 1999:217).

Research has shown that regular exercise can lower the risk of obesity and have many health benefits in general (Deheeger *et al.*, 1997:375). Consequently the participation of physical activity is important for everyone not only for the obese individual (Van Mil *et al.*, 1999:S42). Physical activity has physical as well as psychological benefits such as positive development in self-concept (Walters & Martin, 2000:51).

A positive self-concept during adolescence can have an influence on mental and physical health, and the development of a positive self-concept is critical during the adolescent period (Park, 2003:42). Research also indicates that a strong self-concept can lead to an increase in participation physical activity (Park, 2003:47). Physical activity can also be a social opportunity during which self-concept and self-worth can develop (Marsh, 1997:28).

The objective of this study firstly was to determine the influence of a 16-week physical activity intervention program on body composition and self-concept of black South African adolescents. The second objective was to determine the incidence of obesity among these adolescents. The third objective was to determine the influence of body composition on self-concept after participation in a 16-week physical activity intervention program. A total of 95 black adolescents (ages 13 to 18) were recruited to participate in the PLAY study (*Physical Activity for the Youth*). A control group of 24 adolescents did not participate in any exercise, where an experimental group of 71 adolescents did indeed participate in a 16-week physical activity intervention program. Anthropometric measurements and a comprehensive body composition were taken, using skin folds, BMI and the Bod Pod. The subjects completed a self-concept questionnaire (PASWIN2004 computer program).

The findings in this study seems to indicate that there was a positive relationship, between physical activity and BMI as well as Bod Pod changes, after a 16-week activity intervention program in the experimental boys group. No further correlations were traced in the other groups. Among all the adolescents (experimental and control groups), were 80.85% overweight, of which 40.42% were classified as obese. This shows that the majority of this group of adolescents were overweight. No significant changes were found in body composition. The girls showed a slight increase in BMI as well as body fat percentage and a decrease in self-concept. This indicates that an increase in body fat can lead to a lower self-concept.

Key words: Adolescents, Body composition, Obesity, Physical activity, Physical activity-intervention, Self-concept.

INHOUDSOPGAWE

▲ Voorwoord	i
▲ Uittreksel / Abstract	ii
▲ Inhoudsopgawe	iv
▲ Lys van tabelle	ix
▲ Lys van figure	xi
▲ Lys van afkortings	xii

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING EN DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

1.1 Inleiding	2
1.2 Probleemstelling	3
1.3 Doelstellings	6
1.4 Hipoteses	6
1.5 Struktuur van verhandeling	7
1.6 Bibliografie	9

HOOFSTUK 2

LIGGAAMSAMESTELLING, SELFKONSEP EN FISIEKE AKTIWITEIT BY ADOLESENTE

2.1 Inleiding	13
2.2 Fisieke aktiwiteit	14

2.2.1	Faktore wat deelname aan fisieke aktiwiteit beïnvloed	15
2.2.1.1	Ontwikkelings-, psigologiese-, sosiale- en Omgewingsfaktore	15
2.2.1.2	Groei, ryping en adolessensie	16
2.2.1.3	Duur, frekwensie, intensiteit en tipe oefening	17
2.2.1.4	Ouerbetrokkenheid	18
2.2.1.5	Kulturuele invloed	19
2.2.1.6	Belangstelling in fisieke aktiwiteit	19
2.2.1.7	Ander faktore	19
2.2.2	Voordele van fisieke aktiwiteit	20
2.2.2.1	Frekwensie, intensiteit, duur en tipe oefening	20
2.2.2.2	Liggaamsamestelling	21
2.2.2.3	Fisiologiese voordele	22
2.2.2.4	Psigologiese en ander voordele	23
2.2.3	Nadele van onaktiwiteit	24
2.2.4	Redes vir onaktiwiteit by die jeug	24
2.2.5	Intervensie programme en fisieke onderrig	25
2.2.5.1	Fisieke onderrig in skole	25
2.2.5.2	Fisieke aktiwiteit voorstelle	26
2.2.5.3	Faktore wat intervensie programme beïnvloed	27
2.2.5.4	Voorstelle van fisieke-onderrig en intervensie programme	27
2.3	Liggaamsamestelling	28
2.3.1	Obesiteit	28
2.3.1.1	Definiëring van obesiteit	29
2.3.1.2	Adipose weefsel	30
2.3.1.3	Gesondheidsrisiko's	30
2.3.1.3.1	Dieet	31

2.3.1.4	<i>Genetiese faktore</i>	32
2.3.1.5	<i>Energiebalans</i>	32
2.3.2	<i>Wanvoeding</i>	33
2.3.2.1	<i>Liggaamsamestelling by wanvoeding</i>	34
2.3.2.2	<i>Effek van wanvoeding</i>	34
2.3.3	<i>Die bepaling van liggaamsamestelling</i>	35
2.3.3.1	<i>Inleiding</i>	35
2.3.3.2	<i>Velvou-metings en omtrekke</i>	36
2.3.3.3	<i>Bod Pod (lugverplasings "plethysmograph")</i>	37
2.4	Selfkonsep	37
2.4.1	<i>Adolesensie</i>	38
2.4.2	<i>Fisieke aktiwiteit en selfkonsep</i>	38
2.4.3	<i>Faktore wat fisieke aktiwiteit beïnvloed</i>	39
2.5	Samevatting	40
2.6	Bibliografie	42

HOOFSTUK 3: ARTIKEL 1

OBESITEIT, FISIEKE AKTIWITEIT EN SELFKONSEP BY ADOLESSENTE: OORSIGARTIKEL

3.1	Inleiding	66
3.2	Obesiteit	67
3.2.1	<i>Obesiteit en selfkonsep</i>	68
3.3	Fisieke aktiwiteit	71

3.3.1 Fisieke aktiwiteit en obesiteit	71
3.3.2 Fisieke aktiwiteit en selfkonsep	74
3.4 Samevatting	76
3.5 Bibliografie	78

HOOFSTUK 4: ARTIKEL 2

VERANDERING TEN OPSIGTE VAN OBESITEIT EN SELFKONSEP TYDENS 'N 16-WEEK FISIEKE AKTIWITEITSINTERVENSIE PROGRAM: PLAY STUDIE

4.1 Inleiding	88
4.2 Metode	89
4.2.1 Steekproewe	89
4.2.2 Liggaamsamestelling	90
4.2.3 Selfkonsep (SK)	94
4.2.4 Fisieke aktiwiteitsintervensie	95
4.2.5 Statistiese analise	95
4.3 Resultate	96
4.4 Bespreking	103
4.5 Gevolgtrekking	104
4.5.1 Bedankings	105
4.6 Bibliografie	106

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Samevatting	113
5.2 Gevolgtrekking	115
5.3 Aanbevelings	116
5.3.1 Beperkings van die ondersoek	117
5.4 Bibliografie	119

BYLAES

▲ Instruksies aan outers: Suid-Arikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning	122
▲ Instruksies aan outeurs: The African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance (AJPHERD)	127
▲ PLAY projek: Ingeligte toestemming – Eksperimentele groep	133
▲ PLAY projek: Ingeligte toestemming – Kontrole groep	135
▲ Goedkeuring vir eksperimentering deur etiesekomitee (NWU)	137
▲ Antropometrie datakaart	138
▲ Selfkonsep vraelys	139

LYS VAN TABELLE

HOOFSTUK 3:

- ◆ **Tabel 3.1:** Die klassifikasie van obesiteit (vir kinders, adolessente en volwassenes) soos beskryf deur ACSM gebaseer op liggaamsmassa-indeks..... 68
- ◆ **Tabel 3.2:** Opsomming van geselekteerde data oor die verband tussen selfkonsep en obesiteit/liggaamsamestelling..... 70
- ◆ **Tabel 3.3:** Opsomming van geselekteerde data oor die verband tussen fisieke aktiwiteit en obesiteit/liggaamsamestelling..... 73
- ◆ **Tabel 3.4:** Opsomming van geselekteerde data oor die verband tussen fisieke aktiwiteit en selfkonsep 75

HOOFSTUK 4:

- ◆ **Tabel 4.1:** Formules vir die bepaling van persentasie liggaamsvet met behulp van velvoue by kinders en adolessente..... 91
- ◆ **Tabel 4.2:** Internasionale afsnypunte vir LMI vir klasifikasie van oorgewig en obesiteit by albei geslagte tussen die ouderdomme 13-18 jaar 92
- ◆ **Tabel 4.3:** Formules vir die bepaling van persentasie liggaamsvet deur middel van die Bod Pod (lugverplasing)..... 93
- ◆ **Tabel 4.4:** Klassifisering van selfkonsep..... 95
- ◆ **Tabel 4.5:** Beskrywende statistiek van die liggaamsamestelling en

selfkonsep van die basis- en eindmetings van die seuns asook die betekenisvolheid van die verskille.....	99
♦ Tabel 4.6: Beskrywende statistiek van die liggaamsamestelling en selfkonsep van die basis- en eindmetings van die dogters asook die betekenisvolheid van die verskille	100
♦ Tabel 4.7: Klassifisering van persentasie liggaamsvet, met behulp van velvou- en Bod Pod metodes, tydens basismetings vir adolessente (seuns en dogters onderskeidelik)	101
♦ Tabel 4.8: LMI klassifisering van adolessente tydens basismetings (seuns en dogters onderskeidelik)	102
♦ Tabel 4.9: Parsiële korrelasie tussen liggaamsamestelling en selfkonsep vir eksperimentele en kontrole groepe – eindmetings na FA intervensie, gekontroleer vir ouderdom	102

LYS VAN FIGURE

HOOFSTUK 3:

- ♦ **Figuur 3.1:** Die interaksie tussen fisieke aktiwiteit (FA),
liggaamsamestelling (LS) en psigologiese aspekte
(selfkonsep (SK) en selfbeeld) 76

HOOFSTUK 4:

- ♦ **Figuur 4.1:** Die klassifisering van die persentasie liggaamsvet van basis-
en eindmetings vir dogters uit eksperimentele en kontrole
groep 96
- ♦ **Figuur 4.2:** Die klassifisering van die persentasie liggaamsvet van basis-
en eindmetings vir seuns uit eksperimentele en kontrole
groep 97
- ♦ **Figuur 4.3:** LMI klassifisering vir eksperimentele en kontrole groepe
seuns en dogters, basis- en eindmetings 98

LYS VAN AFKORTINGS

BC	<i>Body composition</i>
BMI	<i>Body mass index</i>
BRIC	<i>Behavioral rating index for children</i>
CDI	<i>Children`s depression inventory</i>
EDI	<i>Eating disorders inventory</i>
FA	Fisieke aktiwiteit
jr	Ouderdom (jaar)
Kg	Massa (kilogram)
LD	Liggaamsdigtheid
LMI	Liggaamsmassa-indeks
LO	Liggaamlike opvoeding
LS	Liggaamsamestelling
M	Liggaamsmassa
m²	Lengte kwadraat
MHR	Middel-heup ratio
MSCS	<i>Multi-dimensional self-concept scale</i>
n	Steekproef grootte
PA	<i>Physical activity</i>
p	P-waarde (statistiese betekenisvolheid, $p < 0.05$)
PLAY	<i>Physical activity for the Youth</i>
PSQ	<i>Physical self-concept questionnaire</i>
sa	Standaard afwyking
SK	Selfkonsep
SKF	<i>Skinfold</i>
TV	Televisie
V	Volume
WHR	<i>Waist-to-hip-ratio</i>

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING EN DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK



1.1 Inleiding

1.2 Probleemstelling

1.3 Doelstellings

1.4 Hipoteses

1.5 Struktuur van verhandeling

1.6 Bibliografie

1.1 INLEIDING

Deelname aan fisieke aktiwiteit (FA) het die afgelope paar dekades 'n afname by kinders en adolessente getoon (Leupker, 1999:S12). Lae vlakke van FA en fiksheid is belangrike risikofaktore vir mortaliteit en morbiditeit (Leupker, 1999:S13), en blyk net so belangrik te wees soos ander primêre risikofaktore, naamlik sigaret-rook, hoëserum-cholesterol, en hoë bloeddruk ten opsigte van kinders se gesondheid (Barlow *et al.*, 1990:391).

As gevolg van die toename in onaktiwiteit het obesiteit wêreldwyd 'n algemene probleem geword wat die gesondheid van kinders en adolessente beïnvloed (Du Toit & Van der Merwe, 2003:49; Verster, 2001:15; Kalk, 2001:576; Steinbeck, 2000:28; Cameron, 1999:75; Reilley *et al.*, 1999:217). Die kritieke tydperk vir deelname aan fisieke aktiwiteit is juis tydens adolessensie (Van Mil *et al.*, 1999:S42). Navorsing toon dat 'n FA-deelnamepiek bereik word tussen die ouderdomme 13 en 14 jaar, waartydens seuns meer aktief is as dogters (Van Mil *et al.*, 1999:S43).

'n Hoë vlak van fisieke fiksheid is geneig om 'n positiewe selfkonsep (SK) tot gevolg te hê wat weer 'n beter besef van eiewaarde meebring (Harter, 1990a:67). 'n Positiewe SK tydens adolessensie kan verder ook verstandelike en fisieke gesondheid beïnvloed (Park, 2003:42). Navorsing toon dat 'n sterk SK by 'n persoon tot 'n hoër vlak van FA kan bydra (Park, 2003:42). Om fisiek aktief te

wees is ook 'n sosiale geleentheid waartydens positiewe SK kan ontwikkel (Marsh, 1997:28).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Adolesensie is 'n kritieke tyd wat betref persoonlikheidsontwikkeling en ook 'n tyd wanneer persoonlike identiteit ontstaan (Adams *et al.*, 2000:80). Sekere sosiale ondervindings beïnvloed persepsies, houdings en optrede wat 'n impak op gezondheidstatus, liggaamsgrootte en liggaamsgewig het (Crooks *et al.*, 1987:8; Wadden *et al.*, 1989:90). Faktore soos lae selfbeeld, sosiale probleme, fisieke beperkinge en gesondheidsprobleme kan met obesiteit geassosieer word (Kalk, 2001:576). Gevolglik het fisieke en psigiese veranderinge 'n groot impak op adolessente se interaksies (Boschi *et al.*, 2003:284).

Miller (2003:64) beskryf die kenmerke van swak selfbeeld by kinders soos volg: (1) Die algemene oorsaak van selfbeeldversteuring in die omgewing waarin skraalheid en dieet die klem en norm is, (2) liggaamsbeeldversteuring begin reeds so vroeg as op 5-jarige ouderdom, (3) liggaamsbeeldversteuring is 'n strydpunt vir seuns en dogters, (4) ouerlike invloed is die kenmerkendste faktor wat bydra tot 'n kind se selfbeeld, (5) ouers se kommentaar is een van die grootste faktore wat bydra tot hoe 'n kind voel oor liggaamsgewig en vorm en (6) tydens adolessensie 'n kind meer sensitief is vir negatiewe terugvoer oor liggaamsgrootte en vorm.

Obesiteit word wêreldwyd 'n algemene probleem en dit beïnvloed die gesondheid van die kind toenemend (Du Toit & Van der Merwe, 2003:49; Verster, 2001:15; Steinbeck, 2000:28; Adams *et al.*, 2000:79; Cameron, 1999:75). Adolesensie is 'n sensitiewe lewensfase wat gepaard gaan met 'n patroon van fisieke en psigiese aanpassings (Boschi *et al.*, 2003:284). Tydens vroeë adolessensie kan obesiteit geassosieer word met swak sosiale funksionering en selfs verswakte akademiese prestasie (Kalk, 2001: 576). Kinders wat obees is tydens adolessensie, is meer

geneig om as volwassenes oëms of oorgewig te wees wat weer later ander probleme kan meebring (Verster, 2001:15; Cameron, 1999:75).

Dogters het meestal die behoefte om maerder te word, teenoor seuns wat eerder 'n behoefte daaraan het om swaarder en meer gespierd te wees (Coughlin *et al.*, 2003:57). In teenstelling met die dogters word ook aangedui dat seuns ontevrede is om ondergewig te wees (Coughlin *et al.*, 2003:57). Ondergewig-, normaalgewig en oorgewig-individue toon verskillende vlakke van spanning, angstigheid en totale psigopatologiese resultate (Brennan, 2003:3). Die standaard persepsie van "mooi" in die samelewing (veral ten opsigte van dogters) is 'n skraal en maer liggaamsbou en dit beïnvloed eerstens die adolessent se houding teenoor fisieke groei en tweedens ook haar psigiese optrede en kan later aanleiding gee tot eetversteurings (Boschi *et al.*, 2003:285). Ander faktore, benewens obesiteit, kom voor wat 'n kind se psigologiese gedrag en probleme beïnvloed (Epstein *et al.*, 1994:151).

Navorsing het bevind dat fisieke aktiwiteit vir fisieke en psigiese gesondheid en verskeie tipes menslike "welstand" dramaties toegeneem het en noodsaaklik is (Van Deventer, 2003:21). Gereelde oefening hou talle fisieke en psigologiese voordele in (Walters & Martin, 2000:52). Uit Walters en Martin (2000:53) se studie oor aërobiese oefening onder kinders, is bevind dat gereelde oefening selfkonsep verhoog en ook liggaamsamestelling verbeter.

Fisieke aktiwiteit speel ook 'n belangrike rol in 'n kind se ontwikkeling, want voorskoolse kinders word bewus van spoed, gewig, gravitasie, rigting en balans (Anon, 1997:200). Om te speel vervul 'n kind se behoeftes om gestimuleer te word, om self te ervaar, om nuuskierigheid te bevredig, om te ontdek en om in risiko-vrye omstandighede te kan eksperimenteer (Anon, 1997:200). Dit is ook belangrik vir 'n kind om sy/haar verbeelding te ontwikkel, potensiaal te ontdek en groeikrag uit te leef (Anon, 1997:200). Dit is juis wanneer 'n kind speel dat 'n grondslag gelê word,

nie alleen vir die toekomstige fisieke motoriese vaardighede nie, maar ook vir die kognitiewe proses en sosiale en emosionele ontwikkeling (Anon, 1997:200).

Opvoedkundiges en sielkundiges stem ook saam oor die belangrikheid van fisieke aktiwiteit vir gesonde liggaamlike- en geestelike ontwikkeling (Walters & Martin, 2000:52; Anon, 1997:200). Tydens adolessensie en die kinderjare werk gereelde fisieke aktiwiteit mee aan die bou en behoud van gesonde bene, spiere en gewrigte (Van Deventer, 2003:21). Fisieke aktiwiteit help met gewigsbeheer, bou van spiermassa en vet-afname voorkom of vertraag hoë bloeddruk en verminder depressie en angstigheid by tieners (Van Deventer, 2003:21). Die dilemma wat egter in Suid-Afrika ontstaan, is dat LO (liggaamlike opvoeding) uit die skool kurrikulum weggelaat word, en dit gee aanleiding tot 'n gebrek aan fisieke aktiwiteit (Van Deventer, 2003:21).

Moderne tegnologiese ontwikkeling het ook aanleiding gegee tot 'n minder aktiewe lewenstyl en dus obesiteit (Van Deventer, 2003:21). Bewyse is gevind dat jongmense meer TV-speletjies speel en minder buite aktief is, en hierdeur word 'n groot las ook op gesondheidskoste geplaas (Chen & Zhu, 2005:1; Van Deventer, 2003:21; Van Mill *et al.*, 1999:S42; Leupker, 1999:S12; Parr, 1998:110; Dietz & Gortmaker, 1985:807).

Die vrae wat derhalwe met die navorsing in hierdie studie beantwoord wil word, is eerstens of deelname aan fisieke aktiwiteit 'n betekenisvolle uitwerking het op liggaamsamestelling en selfkonsep, by adolessente, na 'n 16-weke-fisieke-aktiwiteitsintervensie-program (uit die PLAY studie (Physical Activity for the Youth)). Die tweede vraag is of daar 'n verhoogde voorkoms van obesiteit by adolessente is. Derdens word gevra of liggaamsamestellingsveranderinge 'n invloed uitoefen op selfkonsep, by adolessente, na 'n fisieke-aktiwiteitsintervensie-program van 16 weke. Met hierdie navorsing sal die verskeie veranderlikes met mekaar vergelyk word om moontlike probleemareas te kan identifiseer. Hierdie

resultate kan moontlik bydra daartoe dat vroeë intervensieprogramme, wat psigologiese intervensie en blootstelling aan fisieke aktiwiteit insluit, ontwikkel word en meer doeltreffend geïmplementeer kan word.

1.3 DOELSTELLINGS

Die doel van die studie is:

- ▲ Om te bepaal of fisieke-aktiwiteitsdeelname 'n betekenisvolle invloed op liggaamsamestelling en selfkonsep het, by adolessente, na 'n fisieke-aktiwiteitsintervensie van 16 weke.
- ▲ Om te bepaal of daar 'n verhoogde voorkoms van obesiteit by adolessente is: PLAY-studie.
- ▲ Om te bepaal of liggaamsamestelling 'n betekenisvolle invloed het op selfkonsep by adolessente, na 'n fisieke-aktiwiteitsintervensie van 16 weke.

1.4 HIPOTESES

Hierdie studie is op die volgende hipoteses gegrond:

- ▲ Fisieke-aktiwiteitsdeelname het 'n betekenisvolle invloed op liggaamsamestelling en selfkonsep, by adolessente, na 'n fisieke-aktiwiteitsintervensie van 16 weke.
- ▲ Daar is 'n verhoogde voorkoms van obesiteit by adolessente in die Noordwes Provinsie: PLAY-studie.

- ▲ Liggaamsamestelling het 'n betekenisvolle invloed op selfkonsep by adolessente, na 'n fisieke-aktiwiteitsintervensie van 16 weke.

1.5 STRUKTUUR VAN DIE VERHANDELING

- Hoofstuk 1: Probleemstelling en doel van die ondersoek.
- Hoofstuk 2: Liggaamsamestelling, selfkonsep en fisieke aktiwiteit by adolessente.
- Hoofstuk 3: Obesiteit, fisieke aktiwiteit en selfkonsep by adolessente: Oorsigartikel.
- Hoofstuk 4: Verandering ten opsigte van obesiteit en selfkonsep tydens 'n 16-week fisieke-aktiwiteitsintervensieprogram: PLAY-studie.
- Hoofstuk 5: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

Die resultate van hierdie verhandeling word in artikelformaat aangebied. Elke artikel handel oor 'n spesifieke onderwerp en het sy eie doelwitte en gevolgtrekking van die studie. Die verhandeling word as volg gestruktureer:

- ▲ Hoofstuk 1 word die inleiding, probleemstelling, doel en hipoteses van die ondersoek gestel. Die bibliografie word aan die einde van die hoofstuk volgens die voorskrifte van die Noordwes-Universiteit aangedui.
- ▲ Hoofstuk 2 word liggaamsamestelling, selfkonsep en fisieke aktiwiteit by adolessente aangespreek. Hoofstuk 2 is 'n literatuuroorsig en sal die belangrikste literatuur bevat wat die grondslag van die verhandeling sal vorm. 'n Bibliografie word aan die einde van die hoofstuk volgens die voorskrifte van die Noordwes-Universiteit aangedui word.

- ⤴ Hoofstuk 3 word obesiteit, fisieke aktiwiteit en selfkonsep by adolessente aangespreek. Dié hoofstuk is 'n oorsigartikel wat al die belangrike literatuur bespreek. Die bibliografie en artikel sal volgens die voorskrifte van die "African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance (AJPHERD)" aangebied word. Inligting aan die outeurs sal as Bylae aangebied word.

- ⤴ Hoofstuk 4 bevat 'n navorsings artikel wat handel oor die selfkonsep en liggaamsamestellingsveranderinge met fisieke aktiwiteit by adolessente in die Noordwes Provinsie : PLAY studie. In hierdie hoofstuk word ook die metode en resultate aangebied. Die bibliografie en artikel sal volgens die voorskrifte van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning* aangebied word. Inligting aan die outeurs sal as Bylae aangebied word.

- ⤴ Hoofstuk 5 verskaf 'n kort samevatting, gevolgtrekkings asook verdere aanbevelings van die ondersoek. 'n Bibliografie word aan die einde van die hoofstuk volgens die voorskrifte van die Noordwes-Universiteit weergegee.

1.6 BIBLIOGRAFIE

ADAMS, K., SARGENT, R.G., THOMPSON, S.H., RICHTER, D., CORWIN, S.J. & ROGAN, T.J. 2000. A study of body weight concerns and weight control practices of 4th and 7th grade adolescents. *Ethnicity and health*, 5(1):79-94.

ANON. 1997. Let the children play. *Local Government Digest*, 16(10): 200-205, May.

BARLOW, C.E., BRILL, P.A., BLAIR, S.N. & KOHL, H.W. 1990. Practical advice on fitness and mortality: a new approach to exercise prescription. *American journal of health promotion*, 4(5):391-393.

BOSCHI, V., SIERVO, M., D'ORSI, P., MARGIOTTA, N., TRAPANESE, E., BASILE, F., NATSI, G., PAPA, A., BELLINI, O. & FALCONI, C. 2003. Body composition, disorders in adolescent girls. *Annals of nutrition and metabolism*, 47:284-293, Feb.

BRENNAN, L. 2003. Psychosocial factors and body weight. *Australian journal of psychology*. 3.

CAMERON, J.W. 1999. Self-esteem changes in children enrolled in weight management programs. *Issues in comprehensive pediatric nursing*, 22:75-85.

CHEN, A. & ZHU, W. 2005. Young children's intuitive interest in physical activity: Personal, school and name factors. *Journal of physical activity and health*, 2:1-15.

COUGHLIN, J.W., HEINBERG, J.L., MARINILLI, A. & GUARDA, A.S. 2003. Body image dissatisfaction in children: prevalence and parental influence. *Healthy weight journal*, 56-59, Jul.

CROOKS, C., IAMMARINA, N & WEINBERG, A. 1987. The family's role in health promotion. *Health values*, 11:7-12.

DIETZ, H.W. & GORTMAKER, S.L. 1985. Do we fatten our children at the television set? Obesity and television viewing in children and adolescents. *Pediatrics*, 75:807-812.

DU TOIT, G. & VAN DER MERWE, M.T. 2003. The epidemic of childhood obesity: editorial. *South African medical journal*, 93(1):49-50, Jan.

EPSTEIN, L.H., KLEIN, K.R. & WINSIEWSKI, L. 1994. Child and parent factors that influence psychological problems in obese children. *International journal of eating disorders*, 15(2):151-157.

HARTER, S. 1990a. Causes, correlates, and the functional role of global self-worth: a life-span perspective. (In Sternberg, R.J & Kolligan, J, eds. Competence considered. New Haven, C.T: Yale University press. Vol. 3. P.67-97).

KALK, W.J. 2001. Epidemiology of obesity: where do we stand in terms of obesity in South-Africa? *Main topic*, 19(8):576-578, Aug.

LEUPKER, R.V. 1999. How physically active are American children and what can we do about it? *International journal of obesity*, 23(2):S12-S17.

MARSH, W.H. 1997. The measurement of physical self-concept: a construct validation. (In Fax, K.R. ed. The physical self: from motivation to well-being. Illinois, Human Kinetic Publishers. p.27-35.)

MILLER, C.W. 2003. Developing body image in children. *Healthy weight journal*: 64, Aug.

PARR, P.R. 1998. Exercise for overweight kids. *The physician and sports medicine*, 26(6):109-110. Jun.

PARK, J. 2003. Adolescent self-concept and health into adulthood. *Supplement to health reports*, 14:41-52.

REILLEY, J.J., SAVAGE, S.A.H., RUXTON, G.H.S. & KIRK, T.R. 1999. Assessment of obesity in community sample of pre-pubertal children. *International journal of obesity*, 23:27-17-219.

STEINBECK, K. 2000. Investigation of the obese child. *Modern medicine of South Africa*, 25(5):28, May.

VAN DEVENTER, K.J. 2003. The health status of learners and the role of physical education/life orientation. *Curriculum matters*, 6(2):21-23.

VAN MIL, E.G.A.H., GORIS, A.H.C. & WESTERTERP, K.R. 1999. Physical activity and the prevention of childhood obesity- Europe versus the United States. *International journal of obesity*, 23(3):S41-S44.

VERSTER, J. 2001. Causes, risks and dietary treatment of obesity: dietetics. *Geneeskunde*, 43(6):15-18, Jul.

WADDEN, T., FOSTER, G., STUNKARD, A. & LINOWITZ, J. 1989. Dissatisfaction with weight and figure in obese girls. *International journal of obesity*, 13:89-97.

WALTERS, S.T. & MARTIN, J.E. 2000. Does aerobic exercise really enhance self-esteem in children? A prospective evaluation in 3rd – 5th graders. *Journal of sport behavior*, 23(1):51-60.

HOOFSTUK 2

LIGGAAMSAMESTELLING, SELFKONSEP EN FISIEKE
AKTIWITEIT BY ADOLESSENTE.



2.1 Inleiding

2.2 Fisieke aktiwiteit

2.3 Liggaamsamestelling

2.4 Selfkonsep

2.5 Samevatting

2.6 Bibliografie

2.1 INLEIDING

Obesiteit word 'n wêreldwye probleem wat die gesondheid van kinders en adolessente negatief beïnvloed (Du Toit & Van der Merwe, 2003:49; Kalk, 2001:576; Verster, 2001:15; Steinbeck, 2000:28; Cameron, 1999:75; Reilley *et al.*, 1999:217). Die voorkoms van obesiteit neem steeds toe (Schwellnus & Derman, 2003:12; Verster, 2001:15; Cameron, 1999:75) en obesiteit op sigself dra by tot direkte en indirekte gesondheidskoste (Kalk, 2001:576) wat later in hierdie hoofstuk bespreek sal word. Navorsing het bevind dat fisieke aktiwiteit (FA), as behandelingsmodaliteit vir fisieke en psigiese gesondheid en verskeie tipes menslike welstand, tans wêreldwyd noodsaaklik is (Van Deventer, 2003:21).

Verskeie faktore kan positief geassosieer word met FA en fiksheid by jongmense, naamlik ontwikkelingsfaktore, psigologiesefaktore, sosiale en kulturele faktore asook fisieke en omgewingsfaktore (Wilmore *et al.*, 1997:72). Lae vlakke van FA is 'n belangrike risikofaktor vir mortaliteit (sterflikheid) en siektetoestande wat net so belangrik blyk te wees soos ander primêre risikofaktore, onder andere sigaret-rook, hoëserum-cholesterol, en hoë bloeddruk (Barlow *et al.*, 1990:391).

'n Hoë vlak van fisieke aktiwiteit is geneig om ook 'n positiewe SK tot gevolg te hê, wat weer 'n beter besef van eiewaarde meebring (Harter, 1990a:67). 'n Positiewe SK tydens adolessensie kan verstandelike en fisieke gesondheid beïnvloed (Park, 2003:42). Die ontwikkeling van 'n positiewe SK tydens

adolessensie is dus belangrik (Park, 2003:43). Navorsers beweer dat 'n sterk SK by 'n persoon tot 'n hoër vlak van FA kan bydra (Park, 2003:47). FA en SK loop dus hand aan hand (Park, 2003:47). Om fisiek aktief te wees is ook 'n sosiale geleentheid waartydens 'n positiewe SK kan ontwikkel (Marsh, 1997:28).

Hierdie studie fokus op die veranderinge in liggaamsamestelling (LS) en selfkonsep (SK) by adolessente tydens 'n fisieke aktiwiteitsintervensie van 16 weke. Hierdie hoofstuk sal hoofsaaklik fokus op literatuur rakende die invloed van FA op die LS en SK van adolessente. Terminologie wat met die studie verband hou, sal ook kortliks toegelig word. Verder word ander komponente wat FA, LS en SK beïnvloed, bespreek.

2.2 FISIEKE AKTIWITEIT

Fisieke aktiwiteit (FA) is 'n liggaamlike beweging wat meegebring word deur skeletspiere wat verhoogde energieverbruik tot gevolg het (Bar-Or & Malina, 1995:79). Bar-Or en Baranowski (1994:348) beskryf fisieke aktiwiteit as 'n natuurlike liggaamsbeweging. Oefening vind plaas wanneer persone 'n beplande stel oefeninge (gewoonlik onder toesig) oor weke of maande heen uitvoer (Bar-Or & Baranowski, 1994:348).

FA is belangrik vir almal, nie net vir obese persone nie (Van Mil *et al.*, 1999:S42). Verskeie studies het bewys dat FA 'n belangrike rol speel in die behoud van skraalliggaamsmassa by kinders (Obarzanek *et al.*, 1994:15; Bar-Or, 1993:323; Dietz & Gortmaker, 1985:807; Wilkinson *et al.*, 1977:756). Gereelde FA is ook belangrik met betrekking tot die regulering van liggaamsgewig en word geassosieer met 'n afname in vetmassa en selfs 'n toename in of instandhouding van vetvrye massa (Galbis-Reig & Gonzales, 2003:17; Parizkova, 1996:320). FA alleen kan egter nie gewigsverlies by obese persone laat plaasvind nie (Garfinkel & Cosina, 1990:514). Funksies wat FA in gewigsverlies-programme verrig, is dat (1) dit gewig oor die langtermyn beheer.

en (2) dat dit gesondheidsvoordele met betrekking tot die voorkoming en behandeling van gewigtoename inhou (Schwellnus & Derman, 2003:13).

Die kritieke tydperk vir deelname aan FA is die adolessensie periode (Van Mil *et al.*, 1999:S42). Navorsing toon aan dat 'n FA-deelnamepiek bereik word tussen die ouderdomme 13 en 14 jaar, wanneer seuns meer aktief is as dogters (Van Mil *et al.*, 1999:S41). Vanuit 'n kwantitatiewe oogpunt gesien, dat FA 'n energiebalans handhaaf, is dit belangrik dat fisieke aktiwiteit die belangrikste komponent by totale energieverbruik is (Van der Merwe, 2001:550; Goran *et al.*, 1993:487).

"Gepaste" FA word gedefinieer as oefening wat groot spier-groepe insluit, ten minste 20 minute duur, 3 dae per week plaasvind, en teen 60% of meer van 'n individu se maksimale aërobiese kapasiteit uitgevoer word (Bar-Or & Malina, 1995:94). Galbis-Reig en Gonzales (2003:17) en Schwellnus en Derman (2003:13) beveel aan dat FA 30-45 minute duur, 3-5 maal per week moet plaasvind en van matige- tot hoë-intensiteitaktiwiteit per dag (aërobies, fietstry, draf) moet wees alvorens dit as 'n kondisioneringsprogram kan dien. Verlengde, matige oefening bevoordeel 'n negatiewe energiebalans en gewigsbeheer en staan bekend as metaboliese fiksheid (Verster, 2001:18). Leefstyl-aktiwiteite (byvoorbeeld deur skool toe en huis toe te loop) het 'n langer effek as gedissiplineerde aktiwiteite (byvoorbeeld draf) (Bar-Or & Baranowski, 1994:348).

2.2.1 Faktore wat deelname aan fisieke aktiwiteit beïnvloed

2.2.1.1 Ontwikkelings-, psigologiese-, sosiale- en omgewingsfaktore

Volgens Reynolds *et al.* (1990:541) beïnvloed 'n aantal faktore deelname aan oefening by kinders en adolessente, naamlik:

- Ontwikkelingsfaktore
- Psigologiese faktore

- Sosiale en kulturele faktore en
- Fisieke- en omgewingsfaktore.

Ontwikkelingsfaktore sluit koördinasie en spierontwikkeling in wat met ouderdom en geslag geassosieer word.

Volgens Bar-Or *et al.* (1998:4) dra verskeie faktore in hul omgewing by tot kinders se aktiwiteit, naamlik:

- Veiligheid
- Kinders wat skool toe en terug vervoer word
- Beperkte onderrig by die skool, wat FA insluit
- Beperkte fondse vir skole wat meebring dat FA en sport ingeperk word
- Beperkte natuurse toegang tot die skool se fasiliteite
- Rekenaarspeletjies en TV.

'n Belangrike faktor wat 'n kind se deelname aan FA bepaal, is die genot wat hulle daaruit put (Van Mil *et al.*, 1999:S44). Woonbuurt veiligheid, geslag en ras speel ook 'n belangrike rol in deelname aan FA (Van Mil *et al.*, 1999:S44). Kinders in 'n veilige woonbuurt is meer aktief as kinders in 'n onveilige woonbuurt (Sallis, 1995:126). Die invloed van ander aspekte vanuit 'n kind se omgewing moet ook in ag geneem word, soos ryppwording, duur, frekwensie, intensiteit en tipe oefening; familie, etnisiteit en belangstelling in FA (Van Deventer, 2000:60; Sallis, 1995:126). Deelname van kinders kan ook deur wanvoeding beïnvloed word (Bar-Or *et al.*, 1998:7).

2.2.1.2 Groei, ryping en adolessensie

Adolessensie sluit drie fases van seksuele volwassenheid in, naamlik prepuberteit, puberteit en post-puberteit, en die verhouding van aktiwiteit, fiksheid en gesondheid verskil ooreenkomstig die volwasse status van elke fase (Bar-Or & Malina, 1995:79). Individuele verskille in die groeifase by adolessente maak dit

moeilik om tussen oefen-geassosieerde toename in maksimale aërobiese krag of toename as gevolg van groei geaffekteer word te onderskei (Bar-Or & Malina, 1995:102). 'n Afname in FA kan ook beïnvloed word deur biologiese veranderinge soos ryping (Van Mil *et al.*, 1999:S43). Veranderinge in vetweefsel kan ook tydens groei en volwassewording plaasvind, en gereelde oefening kan gevolglik die hoeveelheid en verspreiding van adiposeweefsel by groeiende kinders beïnvloed (Bar-Or & Malina, 1995:99).

Die korttermyn aard van oefenprogramme maak dit ook moeilik om te onderskei of die veranderinge wat plaasvind, oefenverwante verandering is en of die veranderinge as gevolg van normale groei en ryping plaasvind, veral tydens adolessensie (Beunen *et al.*, 1994:670). As oefening 'n effek op rypwording het, moet elke aspek van ryping op dieselfde manier beïnvloed word, omdat dieselfde hormone gedurende adolessensie by liggaamlike, skelet en seksuele ryping betrokke is (Bar-Or & Malina, 1995:99). Gereelde oefening beïnvloed dus nie seksuele ryping nie (Bar-Or & Malina, 1995:100).

Puberteit vereis energie (Van Mil *et al.*, 1999:S43). Daarom vind 'n vroeër afname in FA by dogters plaas as by seuns (Van Mil *et al.*, 1999:S43). Volgens Van Deventer (2000:60) word adolessente minder aktief met 'n toename in ouderdom tot en met volwassenheid. FA is ook volgens Dowda *et al.* (2004:352) by dogters meer beperk as by seuns.

2.2.1.3 Duur, frekwensie, intensiteit en tipe oefening

Belangrike faktore wat by FA 'n rol speel, is duur, ouderdom, geslag (Sallis, 1995:126), motivering, tipe dieet, frekwensie en intensiteit van oefening (Goran *et al.*, 1997:171; Sallis, 1995:126; Garfinkel & Cosina, 1990:511). Geslag en ouderdom is twee belangrike veranderlikes wat met FA geassosieer word (Sallis, 1995:126). 'n Persoon se ouderdom en liggaamsbou is ook belangrik by die duur en intensiteit van oefening (Blundell, 1984:37).

2.2.1.4 Ouerbetrokkenheid

Ouerbetrokkenheid speel 'n belangrike rol by kinders se deelname aan FA (Van Deventer, 2000:60). Ouers moet deelname aan FA bevorder deur as 'n rolmodel vir hulle kinders te dien (Iannotti *et al.*, 2005:16). Verskeie navorsers het 'n betekenisvolle verband gevind tussen ouer-en-kind fisieke aktiwiteitsdeelname (Virra & Raudsepp, 2003:501; Fogelholm *et al.*, 1999:1262; Sallis *et al.*, 1999:222; DiLorenzo *et al.*, 1998:471; Trost *et al.*, 1997:257; Anderson & Wold, 1992:341; Moore *et al.*, 1991:215; Lau *et al.*, 1990:215; Sallis *et al.*, 1988:31; Gottlieb & Chen, 1985:533).

Iannotti *et al.* (2005:32) het eerstens bevind dat die ouer en die kind se deelname aan FA op genetiese ooreenkomste tussen familieleden weerspieël. Tweedens bevind Iannotti *et al.* (2005:32) dat ouers se invloed ook indirek kan wees weens die keuse van hul woongebied. Derdens kan ouers wat waarde heg aan FA nie net hulle-self nie, maar ook hulle kinders gesond hou deur middel van oefening (Iannotti *et al.*, 2005:32).

Die meeste studies wat 'n positiewe verband gevind het tussen die ouer en die kind se deelname aan FA het dit toegeskryf aan die kind se waarneming van sy/haar ouers se deelname aan FA (DiLorenzo *et al.*, 1998:471; Trost *et al.*, 1997:257; Anderson & Wold, 1992:341; Gottlieb & Chen, 1985:533). In teenstelling met bogenoemde is in ander studies geen verband gevind tussen die ouer en die kind se deelname aan FA nie (Iannotti *et al.*, 2005:17). Fisieke onaktiwiteit by die kind hou verband met die van die ouer want onaktiwiteit is 'n leefstyl, en 'n kind volg gewoonlik die leefstylvoorbeeld wat sy ouers stel (Van Mil *et al.*, 1999:S43). Die invloed wat ouers op 'n kind se FA uitoefen, verskil ten opsigte van geslag, ouderdom en ras (Virra & Raudsepp, 2003:501; Trost *et al.*, 1997:257; Sallis *et al.*, 1988:31).

2.2.1.5 Kulturele invloed

Verskillende kulture het verskillende behoeftes en verantwoordelikhede en hul blootstelling aan FA verskil ook, wat gevolglik lei tot verskillende opvattinge oor liggaamlike opvoeding (LO), sport en rekreasie (Tannehill *et al.*, 1994:406; Tannehill & Zakrajsek, 1993:78). Van Deventer (2000:61) het bevind dat blanke ouers die meeste belangstelling toon in skoolsport, gevolg deur swart ouers wat weer op hulle beurt meer belangstelling daarin toon as Kleurlingouers.

2.2.1.6 Belangstelling in fisieke aktiwiteit

Kinders is in die algemeen tydens hulle jonger jare aktief (Van Mil *et al.*, 1999:S43). 'n Aktiewe of onaktiewe leefstyl ontwikkel vroeg reeds in 'n kind se lewe (Goran *et al.*, 1998:518; Livingstone *et al.*, 1992:343). Fisieke, kognitiewe en sosio-emosionele ontwikkeling by kinders vind vinniger onder die invloed van volwassenes plaas (Van Mil *et al.*, 1999:S42). Volgens Van Mil *et al.* (1999:S42) bepaal kinders se huis- of skoolomgewing meestal of hulle belangstelling ontwikkel in 'n aktiewe of sedentêre leefstyl (Van Mil *et al.*, 1999:S42).

Ferguson *et al.* (1989:112) beskou houding teenoor en kennis van FA nie as belangrik nie. Hierteenoor stel Sallis (soos aangehaal deur Ajzen en Fishbein, 1980) dat 'n individu se houding die resultaat is van waargenome gedrag. Verskeie studies oor adolessente dui daarop dat 'n swak of onbelangrike verband tussen die individu se houding en beplande of werklike deelname aan fisieke-aktiwiteit bestaan (Greenockle *et al.*, 1990:59; Godin & Shepard, 1984:443).

2.2.1.7 Ander faktore

Sallis (1995:133) het gevind dat aktiwiteitsvlakke in die algemeen in die winter laer is en hoër in die somer. Seisoene speel dus ook 'n rol in deelname van FA (Sallis, 1995:133). Seisoensverandering en groeifases beïnvloed die effek van

oefening en daarom is 'n kontrole groep baie belangrik om die effek van 'n oefenprogram te kan meet (Malina, 1984:60).

Dieetbeperkinge en leefstylgewoontes kan biologiese geneigdheid om energiebalans te handhaaf versteur (Bar-Or *et al.*, 1998:7). So ook kan sosio-ekonomiese en kulturele vereistes 'n rol speel daarin dat minder energie opgeneem word, wat FA weer laat afneem (Bar-Or *et al.*, 1998:7). Hoër sosio-ekonomiese klasse het beter toegang tot fasiliteite en is ook meer aktief (Van Deventer, 2000:60).

2.2.2 Voordele van fisieke aktiwiteit

2.2.2.1 Frekwensie, intensiteit, duur en tipe oefening

Oefening verlaag nie net die risiko vir obesiteit nie, maar hou ook voordele in vir gesondheid (Deheeger *et al.*, 1997:372). Die voordele van FA of fisieke fiksheid begin op relatief lae vlakke, byvoorbeeld om iets te doen is beter as om niks te doen nie, en 'n geringe hoeveelheid fiksheid is beter as 'n uiters lae fiksheidsvlak (Barlow *et al.*, 1990:391). Laer intensiteitsaktiwiteite by 'n obese persoon kan dieselfde, of selfs groter, energieverbruik tot gevolg hê as wat die geval sal wees by hoër intensiteitsaktiwiteite by 'n lenige persoon (Bray, 1990:479). Die hoeveelheid energie wat tydens oefening verbruik word, hang van verskeie faktore af, naamlik intensiteit, duur en die tipe oefening (Bray, 1990:499).

Ten einde langtermynvoordeel uit oefening te trek, moet daar ten minste 3-5 sessies per week geoefen word (Corbin & Pangrazi, 1998:1; Pate *et al.*, 1998:162; Sallis & Patrick, 1994:302; Bray, 1990:506). Goran *et al.* (1997:175) het bevind dat die tyd wat aan FA bestee word, belangriker is as die gekombineerde energieverbruik, en dit impliseer dat langdurige lae-intensiteitdeelname aan FA doeltreffender is as korter, hoër-intensiteitaktiwiteite, as gewigsverlies die oogmerk is.

Die navorsingsvraag of daar 'n verband bestaan tussen FA en persentasie liggaamsvet, en of spontane verlaging van aktiwiteit tot obesiteit kan lei, word gereeld gestel (Bray, 1990:497). Om die effek van FA op liggaamsvet te demonstreer, is moeilik by persone wat obees is (Bray, 1990:501). Volgens Parr (1998:110) is ligte tot matige aktiwiteit die aangenaamste vir oorgewig kinders en dit is ook vir hulle maklik om by te hou. Langdurige matige oefening is dan ook die doeltreffendste vir gewigsverlies (Parr, 1998:110; Sallis, 1995:132).

Verbetering in gesondheid vind plaas as gevolg van oefening (Hill *et al.*, 1995:S1062; Tremblay & Alm  ras, 1995:S99). Die gesondheidsverbetering kan 'n verhoogde energie behoefte tot gevolg h  , wat 'n effek het op voedselinname (Hill *et al.*, 1995:S1062; Tremblay & Alm  ras, 1995:S99). Die effek van oefening op voedselinname hang af van die duur en die intensiteit van die oefening (Bray, 1990:503). Ho  -intensiteit-oefening onderdruk voedselinname en 'n toename in liggaamsmassa (waarskynlik vetvrye massa), terwyl lae-intensiteit-oefening, met dieselfde kalorieverbruik, 'n geringer effek het (Bray, 1990:503).

Matige vlakke van oefening het geen betekenisvolle verandering in kalorie-inname getoon nie (Bray, 1990:504). Oefening en gesonde eetgewoontes is goed vir gewigsbeheer, maar is minder doeltreffend in die korttermyn, daarom moet dit eerder 'n langtermynproses wees (Bray, 1990:504).

2.2.2.2 Liggaamsamestelling

Deheeger *et al.* (1997:375) se studie het bevestig dat FA geassosieer kan word met 'n verbetering in LS, maar die positiewe effek van oefening kom slegs voor bo die minimum vlak of vereiste van aktiwiteit. 'n Verandering wat plaasvind as gevolg van korttermyn-oefenprogramme is slegs tydelik en kan alleenlik deur gereelde oefening in stand gehou word (Bar-Or & Malina, 1995:99).

Gereelde FA verbeter voorts die spier-vet-ratio wat beter fisieke voorkoms tot

gevolg het (Leupker, 1999:513). Oefening lei nie net tot 'n afname in persentasie liggaamsvet nie, maar verhoog ook vetvrye massa by gesonde adolessente (Bar-Or & Baranowski, 1994:357). Oefening lei ook tot 'n toename in krag en het verhoogde energie tot gevolg (Ramsay *et al.*, 1990:605; Pheiffer & Francis, 1986:134).

In Owens *et al.* (1999:146) se studie oor obese kinders is bevind dat gereelde oefening, sonder dieetintervensie, gelei het tot beter LS en kardiovaskulêre fiksheid. Dus, met 'n toename in FA by kinders, selfs sonder dieetintervensie, kan die LS verbeter (Owens *et al.*, 1999:144).

2.2.2.3 Fisiologiese voordele

Fisiologiese voordele van gereelde oefening het onder andere 'n toename in beenminerale, beendigtheid en beenmassa tot gevolg (Bar-Or & Malina, 1995:98). Die effek van gereelde FA op skeletspiere is afhanklik van die tipe oefenprogram wat gevolg word (Bar-Or & Malina, 1995:98). Gereelde oefening veroorsaak meestal 'n mate van hipertrofie en verhoog kontraktuele proteïene- en ensiemkonsentrasies (Bar-Or & Malina, 1995:98). Spierhipertrofie word primêr geassosieer met hoë-weerstand-aktiwiteite en vind nie plaas weens uithouvermoë-oefening nie (Bar-Or & Malina, 1995:98).

Tydens submaksimale oefening vind 'n verhoging in ensieme plaas wat verhoogde vetoksidasie tot gevolg het (Bray, 1990:499). Op sellulêre vlak word spesifiek die vinnig sametrekkende (rooi) spiervesels betrek en hierdie spiervesels het ook die hoogste kapasiteit vir oksidatiewe metabolisme (Bray, 1990:499). Die metaboliese verandering in die rooi spiervessel is as gevolg van die verhoging in die aantal mitochondrieë (Bray, 1990:499).

Oefening lei tot die behoud van bestaande spiermassa, die verhoging van maksimale suurstofopname en 'n toename in krag (Bray, 1990:500). Tydens oefening is daar 'n toename in die maksimale kapasiteit vir suurstofverbruik en die

kardiale omset verhoog, wat gevolglik meer suurstof aan die spiere verskaf (Bray, 1990:500). Suurstofopname in die spiere kan selfs by 'n sedentêre persoon wat vir uithouvermoë-aktiwiteite oefen, verdubbel (Bray, 1990:500). Die kardiovaskulêre sisteem ondergaan ook aanpassings tydens kardiovaskulêre uithouvermoë-oefeninge, terwyl 'n verbetering in glukose-toleransie en 'n afname in insulienkonsentrasies ook plaasvind (Bray, 1990:503). Ander gesondheidsvoordele ontstaan met gereelde oefening, soos verlaagde bloeddruk, verminderde risiko vir koronêre arteriële siektes, verlaagde risiko vir galblaas siektes en verminderde risiko vir kolonkanker (Schwellnuss & Derman, 2003:13). Dit speel ook 'n belangrike rol by die rehabilitasie van lae rugpyn en by osteoporose (Schwellnuss & Derman, 2003:13). Oefening verskaf ook 'n voordeliger cholesterol-profiel (Pray, 1997:34).

2.2.2.4 Psigologiese en ander voordele

Strawwe en gereelde oefening hou verskeie fisieke en psigologiese voordele in (Walters & Martin, 2000:51). Volgens Walters en Martin (2000:52) toon oefening by volwassenes 'n positiewe verband met kinders, naamlik (1) fisieke fiksheid word positief geassosieer met psigiese welstand en gevoelens van algehele welstand; (2) oefening word gekoppel aan 'n vermindering in spanning; (3) oefening word geassosieer met 'n afname in angs, en (5) oefening het 'n voordelige emosionele effek op alle ouderdomme en beide geslagte.

Walters en Martin (2000:52) se studie het gevind dat kort oefenperiodes geen betekenisvolle effek gehad het daarop om selfkonsep (SK) te verbeter nie. In teenstelling hiermee bevind Gruber (1986:34) en Folkins en Sime (1981:373) dat die grootste voordeel van voortdurende oefening die verbetering van die persoon se moreel en selfbeeld is. Kinders wat meer in FA geïnteresseerd is, presteer beter in motoriese vaardighede en het ook 'n laer liggaamsmassa-indeks (LMI) as dié wat in sedentêre aktiwiteite belang stel (Van Mil *et al.*, 1999:S43). Volgens Sallis (1995:125) kan die maksimale effek van FA bereik word as oefening 'n gewoonte

is, reeds in die kinderjare ontwikkel en dwarsdeur die lewe volgehou word. Gereelde deelname aan matiglae tot hoë-intensiteit FA is 'n sleutelfaktor ten opsigte van 'n gesonde leefstyl vir volwassenes sowel as vir adolessente en kinders (Dowda *et al.*, 2004:152).

2.2.3 Nadele van onaktiwiteit

Deelname aan FA het die afgelope paar dekades 'n afname onder jongmense getoon (Leupker, 1999:S12). Lae vlakke van FA en fiksheid is belangrike risikofaktore vir mortaliteit (Leupker, 1999:S13) en morbiditeit, en blyk net so belangrik te wees soos ander primêre risikofaktore soos sigaret-rook, hoëserum-cholesterol, en hoë bloeddruk (Barlow *et al.*, 1990:391). Onaktiwiteit word dan moontlik ook beskou as die hoof faktor wat bydra tot die wêreldwye toename in obesiteit (Trudeau & Shepard, 2005:90; Prentice & Jebb, 2001:437).

Oefening word meestal om gesondheidsredes voorgeskryf (Deheeger *et al.*, 1997:375). Onaktiwiteit het die potensiaal om chroniese siektetoestande te verhoog; indirek deur obesiteit en direk as 'n onafhanklike risikofaktor (Leupker, 1999:S16). Risikofaktore soos hipertensie, diabetes en koronêre arteriële siektes kan ontstaan as gevolg van onaktiwiteit (De Villiers, 1992:18).

Tyd wat gespandeer word om TV te kyk, gaan gepaard met onaktiwiteit en word sterk geassosieer met 'n risiko vir obesiteit (Dietz & Gortmaker, 1985:807). Deur minder tyd te spandeer aan byvoorbeeld TV-kyk of om tyd wat FA beperk minder te maak, kan 'n voordelige effek hê soos 'n verandering in LMI (Robinson, 1999:1561).

2.2.4 Redes vir onaktiwiteit by die jeug

Talle adolessente verkies kilojoule-beperking bo oefening as 'n gewigsverlies-metode, byvoorbeeld dieet (Pray, 1997:34). Gewigsverlies by kinders stel

ongelukkig baie sosiale, psigologiese en fisieke uitdagings (Cameron, 1999:76). Die meeste kinders handhaaf 'n positiewe gesindheid teenoor oefening, maar hoe ouer hulle word, hoe meer neem dit af (Trudeau & Shepard, 2005:89). Daar is 'n toenemende tendens onder skoolkinders om 'n sedentêre leefstyl te ontwikkel, soos deur meer tyd voor die TV en die rekenaar deur te bring (Trudeau & Shepard, 2005:89).

Die hedendaagse leefstyl lei daartoe dat minder tyd en aandag aan fisieke-onderrigklasse in die skool bestee word en meer aan populêre aktiwiteite soos TV-kyk, rekenaarspeletjies speel ensovoorts, wat minimale fisieke inspanning verg (Leupker, 1999:S12; Van Mil *et al.*, 1999:S42; Bar-Or *et al.*, 1998:4; Van Deventer, 1998:63). Kinders wat fisieke onderrig op skool ontvang, stel meer belang in FA as kinders wat geen onderrig daarin ontvang nie (Van Mil *et al.*, 1999:S43). Die lae vlakke van motivering by oorgewig adolessente om aan 'n oefenprogram deel te neem is dan ook 'n groot uitdaging vir medici (Bar-Or & Baranowski, 1994:357).

2.2.5 Intervensieprogramme en fisieke onderrig

2.2.5.1 Fisieke onderrig in skole

Daar bestaan wêreldwyd kommer oor die toekoms van LO by skole (Siedentop, 1999:32; Lambert, 1999:20; Fernandez-Balboa, 1997:161; Macdonald & Brooker, 1997:155; Crum, 1996:114; Lathorp & Murray, 1996:70; Feingold, 1995:3; Hardman, 1995:17; Crum, 1993:339; Rink, 1992:67; Siedentop, 1992:69; Vickers, 1992:80; Fox, 1987:248). Skole beskik oor die potensiaal om kinders se deelname aan fisieke aktiwiteit te beïnvloed en hulle aan te moedig om aan buitemuurse-sport-aktiwiteite deel te neem (Trudeau & Shepard, 2005:89; Dietz, 1995:162; Van Deventer, 2000:64). Fisieke onderrig speel 'n primêre rol ten opsigte van die deelnamevlak aan FA by kinders (Trudeau & Shepard, 2005:92).

Omdat gereelde FA so 'n groot rol in die regulering van vetmassa speel, moet LO-

onderwysers en die mediese gemeenskap klem lê op die voordele en waarde wat FA inhou om obesiteit te voorkom (Bar-Or & Malina, 1995:97) en oefening te promoveer (Galbis-Reig & Gonzales, 2003:17; Van Deventer, 1998:90; Dietz, 1995:162).

As gevolg van die gebrek aan fisieke onderrig word daar gekompenseer deur 'n sedentêre leefstyl aan te neem soos TV-kyk, rekenaar- en videospelletjies te speel of oor die telefoon te gesels (Trudeau & Shephard, 2005:92). Aktiwiteite wat kinders in hulle vrye tyd kies, is 'n weerspieëling van hul instinktiwe belangstelling wat deur die omgewing gewek word (Van Mil *et al.*, 1999:S42). Deur minder tyd aan sedentêre aktiwiteite (soos minder TV-kyk) te bestee, word reeds beter gewigsbeheer in die hand gewerk (Epstein *et al.*, 1995:109; Dietz, 1995:161). Verskeie studies het bevind dat sekere gebreke kennis ten opsigte van intensiteit en kwantiteit van FA wat vir kinders nodig is, in fisieke-onderrigklasse ontbreek (McKenzi *et al.*, 2001:101; Simons-Morton *et al.*, 1994:437; Goode *et al.*, 1976:214).

2.2.5.2 Fisieke aktiwiteit voorstelle

Daar bestaan 'n groot behoefte aan intervensieprogramme vir die langtermyn-instandhouding van 'n gesonde liggaamsmassa (Pronk & Boucher, 1999:S38). Volgens Sallis (1995:130) en Bar-Or *et al.* (1998:8) moet intervensieprogramme eerder op lewenslange-aktiwiteite fokus as op spansport, omdat die meeste volwassenes nie aan spansport deelneem nie en FA 'n lewenstyl moet word.

Verskeie FA- en fiksheidvoorstelle bestaan vir die jeug (Foulton *et al.*, 2004:581). Talle organisasies moedig sekere hoeveelhede daaglikse matige- tot hoë-intensiteit FA vir die jeug aan, wat ongeveer 30-60 minute of langer moet duur (Foulton *et al.*, 2004:582). Matige- en hoë-intensiteitsoefeninge word voorgestel (Corbin & Pangrazy, 1998:1; Pate *et al.*, 1998:162; Sallis & Patrick, 1994:302). Oefening moet ook langdurig wees en teen matige intensiteit plaasvind (Bar-Or *et al.*, 1998:4). Dit blyk dat programme wat 'n jaar of langer duur, doeltreffer is as

korter FA-programme (Bar-Or & Baranowski, 1994:348).

Oefenprogramme moet vir die individu se behoeftes voorgeskryf en moet geïmplementeer word wat by die bestaande leefstyl aanpas (Garfinkel & Cosina, 1990:514). Jongmense met chroniese risikofaktore het spesifieke aktiwiteitsprogramme nodig (Sallis & Patrick, 1994:302). Om die doelwitte van openbare gesondheid te bereik moet sport- en rekreasie-organisasies daarop fokus om soveel kinders moontlik by fisieke-aktiwiteitintervensies betrokke te kry, veral kinders wat oobe is en 'n gebrek aan FA-vaardighede en ook lae fiksheidsvlakke toon (Sallis, 1995:130; Ball *et al.*, 2003:393).

2.2.5.3 Faktore wat intervensieprogramme beïnvloed

Faktore wat by intervensieprogramme belangrik is en dan ook 'n invloed daarop uitoefen, is gereelde betrokkenheid van ouers en familieledede, sosiale ondersteuning, gereelde FA en dieetintervensies (Epstein *et al.*, 1994:373; Wilson, 1994:371). Familie ondersteuning met betrekking tot die implementering van 'n daaglikse FA-program is belangrik (Van Mill *et al.*, 1999:S43; Sallis, 1995:130; Dietz, 1995:158).

Van Mill *et al.* (1999:S43) is van mening dat dit belangrik is om 'n kind se unieke fisieke en psigologiese eienskappe asook omgewing te verstaan ten einde 'n doeltreffende fisieke-intervensieprogram te ontwikkel, byvoorbeeld dat daar wel verskille gaan voorkom tussen seuns en dogters ten opsigte van hulle FA-voorkeure (Simons-Morton *et al.*, 1994:307).

2.2.5.4 Voordele van fisieke-onderrig- en intervensieprogramme

Medici moedig fisieke onderrig aan omdat dit noodsaaklik is vir gesondheid (Trudeau & Shepard, 2005:90). Kinders wat aan fisieke-aktiwiteitsprogramme (rekreasie of sportgerigte aktiwiteite) deelneem, is meer geneig om 'n laer

vetmassa te hê as onaktiewe kinders (Bar-Or & Malina, 1995:97).

Ander voordele van fisieke-aktiwiteitsprogramme is:

- verbeterde skoolgees
- beter selfvertroue
- beter akademiese prestasie
- afname in leerprobleme
- verbetering in fiksheidskomponente en
- beter motoriese vaardighede (Gani & Zulaika, 2000:246; Shepard, 1997:113; Shepard, 1992:160; Emmanuel *et al.*, 1992:1151; Bleuchardt & Shepard, 1995:194; Schurr & Brookower, 1970:96).

Gereelde inoefening van motoriese vaardighede met behulp van fisieke-onderrigprogramme, sal lei tot 'n verbetering in spoed, vaardigheid en ander komponente van motoriese fiksheid (Bar-Or & Malina, 1995:103).

2.3 LIGGAAMSAMESTELLING

2.3.1 Obesiteit

Obesiteit is in die algemeen wêreldwyd 'n probleem wat die gesondheid van kinders en adolessente beïnvloed (Du Toit & Van der Merwe, 2003:49; Kalk, 2001:576; Verster, 2001:15; Steinbeck, 2000:28; Cameron, 1999:75; Reilley *et al.*, 1999:217). Die voorkoms van obesiteit by die mense neem steeds toe (Schwellnus & Derman, 2003:12; Verster, 2001:15; Cameron, 1999:75). Obesiteit is 'n toestand wat gekenmerk word deur bo-normale liggaamsvet in so 'n mate dat gesondheidsprobleme gewoonlik kan voorkom (Kalk, 2001:576; Prentice & Jebb, 2001:141; Bar-Or & Baranowski, 1994:348).

Die akkumulasie van vet in die liggaam is 'n sigbare manifestasie dat meer energie gestoor word as wat verbruik word (Bray, 1990:497). Freedman en Perry, (2000:S34) beskryf oorgewig as 'n oormaat gewig vir 'n sekere lengte, terwyl

obesiteit 'n oormaat van liggaamsvet is. Obesiteit word gekoppel aan 'n aantal chroniese siektes en plaas 'n finansiële las op dienslewering ten opsigte van gesondheidsorg (Schwellnus & Derman, 2003:12).

In Suid-Afrika kom 'n merkwaardige gewigstoename by swart adolessente dogters tydens mid-adolessensie voor, wat nie noodwendig by seuns waargeneem word nie (Kalk, 2001:577). Dit is belangrik om obesiteit tydens die kinderjare te voorkom deur openbare gesondheid te bevorder (Bar-Or *et al.*, 1998:2). Gedragspatrone, soos onaktiwiteit, tydens die kinderjare en adolessensie, is geneig om in die volwasse jare voort te duur, en dit is soms moeilik om 'n ongesonde lewenstyl te verander (Verster, 2001:18; Van der Merwe, 2001:550; Pronk & Boucher, 1999:S38; Bar-Or *et al.*, 1998:4).

Liggaamsamestelling is belangrik ten einde te bepaal watter kinders oorgewig is en 'n groter risiko loop ten opsigte van sekere gesondheidsgevolge soos verhoogde mortaliteit later in hulle lewe (Power *et al.*, 1997:507; Must *et al.*, 1992:1350; Nieto *et al.*, 1992:201; Hoffmans *et al.*, 1988:507; Abraham *et al.*, 1971:273). Antropometrie (liggaamsamestelling-bepaling) tydens puberteit is 'n merker van metabolisme verandering wat in hierdie tydperk van groei en rypwording plaasvind (Jürimäe *et al.*, 2004:63).

2.3.1.1 Definiëring van obesiteit

Definisies van obesiteit het beperkings vir die kliniese praktyk en epidemiologie (Dietz, 1998:191; Flegal, 1993:308). Obesiteit word gedefinieer as 'n chroniese siekte (soos hipertensie en diabetes) wat veroorsaak word deur interaksie tussen verskeie faktore (genetiese, omgewings, kultuur, sosio-ekonomiese, mediese en psigologiese) wat lei tot 'n oormaat van totale liggaamsvet (Galbis-Reig & Gonzales, 2003:17; Pray, 1997:32). Obesiteit word ook gedefinieer as 'n oormaat liggaamsvet-weefsel relatief tot skraalliggaam-massa (Lai & Ng, 2004:567).

Kinderobesiteit word gedefinieer as 'n LMI vir 'n spesifieke ouderdom groter as die 95ste persentiel (Porkony, 2000:38).

2.3.1.2 Adiposeweefsel

Obesiteit kan onderskei word in 2 morfologiese komponente, naamlik hiperplasie en hipertrofiese obesiteit (Garfinkel & Cosina, 1990:511). Verskillende tipes van obesiteit kan geassosieer word met verskillende fisiologiese oorsake wat dalk verskillend op oefening kan reageer (Keesey, 1988:114). Die graad van obesiteit toon groot verskille ten opsigte van matige, middelmatige en ernstige obesiteit en baie aspekte soos gesondheidsrisiko's wat met elke graad afsonderlik geassosieer kan word (Garfinkel & Cosina, 1990:511).

Die afname in liggaamsvet gedurende FA gaan gepaard met 'n afname in die grootte van die vetsel (Bray, 1990:501). Die effek van FA by individue met hiperplasie obesiteit (individue wat 'n toename in die totale aantal selle toon) verskil van diegene met 'n normale aantal vetselle (Bray, 1990:501). Dit blyk uit die mate van gewigsverlies dat dit afhanklik is van die grootte van die vetsel en die mate van sellulêriteit van die adiposeweefsel (Bray, 1990:501).

2.3.1.3 Gesondheidsrisiko's

Obesiteit dra by tot direkte en indirekte gesondheidsorgkoste (Kalk, 2001:576). Obese volwassenes loop 'n groter gesondheidsrisiko as hulle tydens hul kinderjare ook obees was (Benotti *et al.*, 1992:S589). Obesiteit kan tipe-2-diabetes by kinders veroorsaak, wat 'n nuwe benaming tot gevolg het, naamlik 'Diabesiteit' (Pinhas-Hamiel *et al.*, 1996:608). Sentrale liggaamsvetverspreiding is die sterkste bepaler van risikofaktore van koronêre arteriële siektes en tipe-2-diabetes by obese kinders (Ball *et al.*, 2003:393).

Ander siektes wat aan obesiteit gekoppel kan word, is degeneratiewe gewrigsiektes, slaaploosheid, hipoksemie, jig, galstene, galblaasprobleme, borskanker en spysverteringsprobleme (Pray, 1997:34). Obesiteit bring ook 'n groter risiko mee vir abnormale glukosetoleransie en vroeë arteriosklerose (Lai & Ng, 2004:566). Die obese kind loop ook 'n verhoogde risiko vir verlaagde vrystelling van groei hormone, respiratoriese probleme en ortopediese probleme (Bar-Or *et al.*, 1998:2). Gereelde snork tydens slaap, swak skoolprestasie en gedragsprobleme is 'n resultaat van chroniese slaapversteurings wat veroorsaak word deur die fisieke effekte van obesiteit (Porkony, 2001:38). Die mees algemene simptome van obesiteit tydens die kinderjare is moegheid, kortasemheid, uitputting en spierpyne (Porkony, 2000:38).

Obesiteit veroorsaak 'n korter lewenspan as gevolg van 'n verhoogde risiko vir degeneratiewe toestande, maar die negatiewe gesondheidseffekte tree eers later tydens volwassenheid in (Levin, 1995:72). Volgens Lean (2003:67) toon obesiteit min simptome tot ongeveer die ouderdom van 40 jaar wanneer pasiënte met toename in ouderdom probleme soos moegheid, kortasemheid, rugpyne, artritis begin ontwikkel (Lean, 2003:67).

2.3.1.3.1 Dieet

Dieet is 'n gedragsverskynsel wat meer algemeen onder adolessente in hulle pogings om gewig te verloor, voorkom en kan later lei tot ongebalanseerde voeding, kwantitatief en kwalitatief (Boschi *et al.*, 2003:284). Die fisieke groei by adolessente word gekenmerk deur 'n intense anaboliese fase en vereis genoegsame energie, nutriënte, vitamienes en minerale om voldoende groei en ontwikkeling te laat plaasvind (Boschi *et al.*, 2003:285).

2.3.1.4 Genetiese faktore

Obesiteit is 'n multidissiplinêre probleem wat ook genetiese metaboliese oorsake kan hê (Lean, 2003:67; Kalk, 2001:576; Dietz & Gortmaker, 1985:619) en is moeilik om te behandel (Bar-Or *et al.*, 1998:6). Obesiteit tydens die kinderjare en adolessensie word met oorgewig en obesiteit tydens volwassenheid geassosieer (Verster, 2001:16; Must & Strauss, 1999:S2; Cameron, 1999:75; Parr, 1998:109; Bar-Or *et al.*, 1998:2; Guo *et al.*, 1994:810; Serdula *et al.*, 1993:167; Stunkard & Wadden, 1992:S524; Mossberg, 1989:491; Weil, 1977:175). Obesiteit verhoog ook die risiko vir sterfte en siekte tydens volwassenheid (Bini *et al.*, 2000:214; Walters & Martin, 2000:52; Must & Strauss, 1999:S2). 'n Tien item-voedingvraelys het bewys dat die risiko vir obesiteit tydens die kinderjare 80% is as beide ouers oorgewig is, 40% as net een ouer oorgewig is en 20% as nie een van die ouers oorgewig is nie (Garn & Clark, 1976:443).

Obesiteit, sowel as die siektetoestande wat gepaard gaan met die spesifieke tipe obesiteit, kan oorerflik wees (Kalk, 2001:576; Dietz, 1995:157; Garfinkel & Cosina, 1990:511; Bouchard *et al.*, 1985:64). Vetvrye massa is eweneens geneties oordraagbaar (Bouchard *et al.*, 1985:64). In die geval van sterk genetiese oordrag kan die primêre of sekondêre gevolge van obesiteit geassosieer word met metaboliese kompensasies wat 'n hoë graad van oefening sal verg (Garfinkel & Cosina, 1990:511).

2.3.1.5 Energiebalans

Die probleem van obesiteit kan beskou word as 'n energiebalansprobleem (Porkony, 2000:38). 'n Hoë korrelasie bestaan tussen liggaamsmassa en energieverbruik (Bray, 1990:497). Die rustende metaboliese tempo is korreleerbaar met vetvrye massa, dus kan onaktiwiteit 'n afname in vetvrye massa tot gevolg hê en 'n stadiger metaboliese snelheid veroorsaak, wat by energieverbruik 'n rol speel (Garfinkel & Cosina, 1990:512). Sommige studies dui

aan dat obese en nie-obese adolessente nie verskille toon in basale metabolismiese tempo ten opsigte van vetvrye massa, totale energieverbruik of nie-basale energieverbruik nie (Bandini *et al.*, 1990b:199).

Om bogenoemde wanbalans reg te stel, moet albei kante van die energiebalans gehandhaaf word (byvoorbeeld deur voedselinname dop te hou en te oefen) (Lean, 2003:68; Bray, 1990:497; Boileau *et al.*, 1985:17). 'n Gesonde eetpatroon is die doeltreffendste metode, gepaard met fisieke aktiwiteit om vetmassa te verlaag (Bar-Or & Baranowski, 1994:357). Dus is dieet net so belangrik soos FA (Bar-Or *et al.*, 1998:7; Dietz, 1995:161).

Indien voedselinname nie met energieverbruik gebalanseer word nie, stoor die liggaam 'n oormaat vet (Porkony, 2000:38). Siekte, onaktiwiteit, medikasie en familieprobleme kan ook daartoe lei dat die energiebalans verander deur 'n toename in voedselinname en verminderde aktiwiteit (Porkony, 2000:38). Hoë vetinhoud voedsel en 'n sedentêre leefstyl maak dit baie moeilik om obesiteit te behandel en te voorkom (Adams *et al.*, 2000:80).

2.3.2 Wanvoeding

Fisieke fiksheid by kinders word geraak deur gemiddelde of ernstige wanvoeding (Bar-Or *et al.*, 1998:7). Kinders wat wangevoed (of groeivertraag) is, toon 'n laer maksimale suurstofopname as kinders met 'n beter voedingstatus (Bar-Or *et al.*, 1998:7). 'n Wanvoedingsprobleem is 'n chroniese eerder as 'n akute toestand (Napier & Albertse, 2000:122). Beskikbare data toon aan dat groeivertraging 'n baie komplekse en 'n meervoudige-oorsaakverskynsel van wanvoeding is (Kolsten, 1996:59).

'n Huisgesin het genoegsame voedsel wanneer hul toegang het tot 'n genoegsame hoeveelheid veilige, aanvaarbare voedsel wat vir 'n gesonde leefstyl nodig is (Erik & Gericke, 2000:126). Moontlike faktore wat oorsake van groeivertraging in Suid-

Afrika kan wees, is werkloosheid en armoede (Erik & Gericke, 2000:126; Napier & Albertse, 2000:121).

2.3.2.1 Liggaamsamestelling by wanvoeding

Die kleiner liggaamsgrootte van chronies ondervoede kinders beperk hul maksimale aërobiese krag (Bar-Or *et al.*, 1998:7). Wanvoeding kan ook geassosieer word met 'n kleiner moontlikheid om moeilike fisiese werk te verrig (Bar-Or *et al.*, 1998:7). Groeivertraagde adolessente ly aan negatiewe faktore soos 'n lae LMI en 'n gebrek aan vitamienes en minerale, wat 'n groot uitwerking op die ontwikkeling van maksimale skelet volwassenheid het (Ibrahim *et al.*, 2003:93).

In 'n studie deur Ibrahim *et al.* (2003:93) is gevind dat beenmineraal-digtheid by die groeivertraagde groep laer is as by die kontrole-groep. Serumvlakke van kalsium en magnesium was ook laer by die groeivertraagde groep (Ibrahim *et al.*, 2003:93). 'n Beperkte inname van noodsaaklike skeletale beenvormingsvoedingstowwe het 'n groot impak op beenmassa (Ibrahim *et al.*, 2003:99). Osteoporose is 'n siektetoestand as gevolg van 'n afname in die totale beendigtheid wat lei tot been broosheid en 'n verhoogde risiko vir frakture (Ibrahim *et al.*, 2003:93).

2.3.2.2 Effek van wanvoeding

Die effek van wanvoeding op kinders se FA en fiksheid het belangrike implikasies vir biologiese, psigologiese, sosiale en ekonomiese aspekte (Bar-Or *et al.*, 1998:7). Groeivertraging is 'n aanduider van 'n verhoogde risiko vir koronêre arteriële siektes (Greer *et al.*, 2000:105). Daar kan 'n verhoogde risiko by ondergewig persone voorkom waarvan sigaret-rook, abnormale gewigsverlies, en ongekontroleerde beheer van chroniese toestande (byvoorbeeld Hipertensie) die oorsaak kan wees (Manson *et al.*, 1987:353).

Tydens adolessensie verhoog dogters se persentasie liggaamsvet terwyl 'n afname daarin by seuns voorkom (Johnston, 1982:221). Velvoudiktes verskil ten opsigte van ras, geslag en ouderdom (Freedman & Perry, 2000:S48). Daar kom min verskille voor ten opsigte van vetverspreiding by adolessente dogters (Flodmark *et al.*, 1995:941; Beunen *et al.*, 1994:670). Geslagshormone oefen ook 'n invloed uit op vetverspreiding tydens adolessensie (Freedman & Perry, 2000:S48). Swart kinders is meer geneig om 'n sentrale vetpatroon te hê met minder vet deponering by die ledemate (Malina, 1996:217; Mueller, 1988:127).

Sportlui het ook minder liggaamsvet (ongeach geslag) as sedentêre persone (De Ridder, 2005:82). Verskillende sportsoorte oefen ook 'n invloed uit op die hoeveelheid liggaamsvet waaroor die sportman of -vrou beskik (De Ridder, 2005:85).

2.3.3 Die bepaling van liggaamsamestelling

2.3.3.1 Inleiding

Verskeie metodes bestaan waarvolgens die liggaam in sekere fundamentele komponente ingedeel kan word (De Ridder, 2005:85). 'n Tweekomponent-model is aanvaarbaar, naamlik skraalliggaam-massa en vetmassa (De Ridder, 2005:85). Daar bestaan twee algemene prosedures om LS te bepaal, naamlik direkte (*in vivo*) en indirekte (*in vitro*) analyses (De Ridder, 2005:85). Direkte metodes (chemiese analise, anatomiese disseksie) verskaf geldigheid aan indirekte metodes (onderwaterweging, lugverplasing, Dexa, LMI, velvoue en Bio-elektriese impedansie-analise) (De Ridder, 2005:86).

Indirekte metodes word deur biokinetici, sportwetenskaplikes, sport dieetkundiges, afrigters ensovoorts gebruik om LS te bepaal (De Ridder, 2005:86). Eenvoudige indirekte antropometriese metings en indekse soos die LMI, abdomen-omtrek en velvoue bly die mees algemene metodes vir die bepaling van LS, omdat dit die

eenvoudigste en goedkoopste is (De Onis & Habicht, 1996:650). Bogenoemde metodes word ook gebruik vir die bepaling van metaboliese risikofaktore by volwassenes (Lean *et al.*, 1998:853; Garrow & Webster 1985:147) en kinders (Zannolli & Morgese, 1996:1368). Hierdie metodes is ook goeie voorspellers van totale liggaamsvetpersentasie by seuns en manlike adolessente (Sarria *et al.*, 2001:387).

LMI (wat massa gedeel deur lengte is (kg/m^2)) neem toe tydens adolessensie (Bonora *et al.*, 1992:1271), sowel as sentrale intra-abdominale adiposeweefsel-neerlegging (Gillum, 1987:413). Nóg LMI nóg maag-heup-ratio (MHR) gee 'n werklike waarde van persentasie liggaamsvet (Mehta *et al.*, 2002:193). Die komplekse verandering in LS tydens die kinderjare en adolessensie bemoeilik die interpretasie van LS aansienlik (Horlick, 2001:4059; Dietz & Robinson, 1998:191; Roche, 1993:6; Lohman, 1986:325; Fomon *et al.*, 1982:1169).

2.3.3.2 Velvou-metings en omtrekke

Velvoue en omtrekke word gesien as aanvaarde voorspellers (Moreno *et al.*, 2002:1210). Velvoue verteenwoordig 40%-60% van die totale liggaamsvet in die subkutane area van die liggaam en kan direk gemeet word met behulp van 'n velvou-tang (Moreno *et al.*, 2002:1210). Die velvoumetode het meer as 'n honderd en vyftig formules vir die bepaling van liggaamsvetpersentasie en liggaamsdigtheid (LD) (De Ridder, 2005:101). Die meeste metodes is ontwikkel uit laboratoriumprosedures soos onderwaterweging en lugverplasing (Bod Pod) (De Ridder, 2005:101).

Die velvoumetodes word beskou as goeie en betroubare aanduiders van liggaamsvetpersentasie en LD (De Ridder, 2005:104). Met toename in ouderdom tydens puberteit neem die velvou-dikte toe (Jürimäe *et al.*, 2004:68). Velvouformules is populasie-spesifiek en die regte formule moet dan ook gebruik word (De Ridder, 2005:105).

2.3.3.3 Bod Pod (Lugverplasings “plethysmograph”)

Die Bod Pod-sisteem word vir die bepaling van LS gebruik en is 'n betroubare en geldige metode wat gebruik maak van LD om die hoeveelheid liggaamsvet en skraalliggaam-massa te bepaal (Miyatake *et al.*, 1999:350). Lugverplasing en onderwaterweging is gebaseer op die beginsel van Archimedes (digtheid is massa gedeel deur volume) (De Ridder, 2005:88). LD word bereken met liggaamsmassa (M), volume (V) en longvolume (Miyatake *et al.*, 1999:350). Liggaamsmassa word gemeet met behulp van 'n elektroniese skaal en liggaamsvolume deur lugverplasing met die Bod Pod (Miyatake *et al.*, 1999:351). Die Bod Pod kan vir verskillende bevolkingsgroepe sowel as kinders, adolessente en volwassenes gebruik word (Miyatake *et al.*, 1999:350).

Voordele van die lugverplasingsmetode is dat dit geldig, akkuraat en betroubaar en vinnig (5–10 minute per proefpersoon) gedoen kan word en met minimale vrees of ongemak voorkom en dit vereis ook minimale tegniese vaardigheid (De Ridder, 2005:89). Die nadele van die Bod Pod is dat die apparaat duur is en slegs in die laboratorium gebruik kan word (De Ridder, 2005:89).

2.4 SELFKONSEP

Selfkonsep (SK) is kennis van eie karaktereienskappe en eie beperkinge, en die karaktereienskappe word vergelyk met dié van ander (Gallahue & Ozmon, 1998:455). SK is 'n belangrike aspek van sosiale ontwikkeling, wat gevorm word deur sosiale ervarings en interpersoonlike verhoudings (Gallahue & Ozmon, 1998:455). Volgens Marsh (1997:27) kan SK in twee dimensies onderskei word, naamlik akademiese en nie-akademiese SK. Akademiese SK is verwant aan kognitiewe en intellektuele aspekte, terwyl nie-akademiese SK emosionele, sosiale en fisieke aspekte behels (Marsh, 1997:27).

Wat ons doen, bewus of onbewus, lei tot hoe ons oor onself voel (Hülya *et al.*, 2001:500). Marsh (2006:101) het bevind dat beide SK en prestasie bepalers en gevolge van mekaar is. 'n Positiewe houding en ondervinding deur FA en daaglikse aktiwiteite kan dus tot 'n verhoogde SK en selfvertroue lei (Gronmo & Augestad, 2000:522). 'n Positiewe SK tydens adolessensie kan verstandelike en fisieke gesondheid beïnvloed (Park, 2003:41).

2.4.1 Adolessensie

Terwyl adolessente die kritieke jare (ryping) betree, ontwikkel SK (wie hulle is) (Erikson, 1959:101). Tydens die middel kinderjare voel albei geslagte ewe goed oor hul voorkoms, maar die fisieke ontwikkeling vind tydens ryping plaas en is meer negatief by dogters (Park, 2003:42). Vir seuns is die fisieke verandering meestal positief (Park, 2003:43). Vir dogters bring ryping menstruasie mee en word dit geassosieer met gewigstoename en moontlike ontevredenheid met hul liggaamsbeeld (Sweeting & West, 2003:31). 'n Swak SK by adolessente dogters kan ook tydens vroeë volwassenskap tot depressie en obesiteit lei (Park, 2003:49).

Geslagsverskille ten opsigte van SK kom wel voor, daarin dat seuns 'n hoër SK het as dogters (Marsh, 2006:101). Geslags- en groepsdruk (vanuit die portuur) het ook 'n effek op die verband tussen SK en sportdeelname (Kruger & Coetzee, 2005:290). Minder druk word binne die skoolmilieu op dogters uitgeoefen om te presteer, wat moontlik kan verklaar waarom dogters se SK nie in dieselfde mate deur sportdeelname as by seuns beïnvloed word nie (Kruger & Coetzee, 2005:290).

2.4.2 Fisieke aktiwiteit en SK

Kruger en Coetzee (2005:289) het bevind dat sportdeelname ongeag prestasievlak of tipe sport, 'n positiewe verband toon met algehele SK. Beide SK en prestasie is bepalers en gevolge van mekaar (Marsh, 2006:101). Gereelde FA bring fisieke en funksionele verbetering ten opsigte van die liggaamlike sisteem mee en het ook 'n

beter SK tot gevolg (Gallahue & Ozmon, 1998:455). Om fisiek aktief te wees is ook 'n sosiale geleentheid waartydens in positiewe SK kan ontwikkel (Gallahue & Ozmon, 1998:455; Marsh, 1997:28).

'n Hoë vlak van fisieke vaardigheid is geneig om ook 'n positiewe SK tot gevolg te hê, wat weer 'n beter besef van eiewaarde meebring (Harter, 1990a:67). 'n Positiewe SK tydens adolessensie kan verstandelike en fisieke gesondheid positief beïnvloed (Park, 2003:42). SK-ontwikkeling tydens adolessensie is dus belangrik (Park, 2003:43). Navorsers beweer dat 'n sterk SK by 'n persoon tot 'n hoër vlak van FA kan bydra (Park, 2003:47). FA en SK loop dus hand aan hand (Park, 2003:47).

Park (2003:47) beweer dat 'n positiewe SK by seuns nie net 'n resultaat is van positiewe FA nie, maar ook 'n voorspeller van toekomstige FA. Persone met 'n positiewe SK is nie alleen geneig daartoe om meer aktief te wees nie, maar versorg hulle ook beter en is meer daartoe geneig om risiko-optrede te vermy (Gordon Rouse *et al.*, 1998:297). Navorsers vermoed dat mense met 'n sterk SK oor beter stres moniteringsmeganismes beskik en meer "probleem gefokus" as "emosioneel gefokus" is (Park, 2003:43).

2.4.3 Faktore wat fisieke aktiwiteit beïnvloed

Die meeste kinders handhaaf 'n positiewe gesindheid jeens oefening, maar dit neem af met ouderdom (Trudeau *et al.*, 2005:89). In Walters en Martin (2000:56) se studie is gevind dat kort oefenperiodes geen betekenisvolle effek gehad het op selfkonsep-verbetering nie. Obese kinders wil dikwels aan aktiwiteite deelneem, maar voel verneder en ongemaklik (Parr, 1998:109).

Dishman en Gettman (1980:295) het bevind dat die houding teenoor FA slegs 'n geringe invloed uitoefen op deelname aan FA. Individuele belangstelling is 'n persoon se psigologiese ingesteldheid ten opsigte van voorkeur wat betref 'n

aktiwiteit of aksie (Krapp *et al.*, 1992:1). Dit is belangrik om 'n kind se unieke fisieke en psigologiese eienskappe en omgewing te verstaan om 'n doeltreffende fisieke program te kan ontwikkel (Corbin, 2002:128). Pangrazi (1982:16) het agtergekom dat fisieke-onderrig- en sportprogramme 'n verskeidenheid situasies vir individue skep om persoonlike gevoelens en afhanklikheid te kan ervaar wat die ontwikkeling van SK bevorder.

2.5 SAMEVATTING

Uit bogenoemde literatuurondersoek is dit duidelik dat gereelde deelname aan FA belangrik is met betrekking tot die regulering van liggaamsgewig, beperking van verskeie gesondheidsrisiko's en die ontwikkeling van 'n beter SK. FA alleen kan LS egter nie verander nie en moet gekombineer word met 'n gebalanseerde dieet. Verskeie faktore soos omgewings-, psigologiese, sosiale en kulturele faktore moet by adolessente en hul FA-voorkeure en belangstellings in ag geneem word.

Deelname aan FA kan ook beïnvloed word deur wanvoeding, ernstige obesiteit en psigologiese afwykings. Hierdie faktore kan deur middel van die regte onderrig, gepaste intervensieprogramme en ondersteuning hanteer word. 'n Groot behoefte aan intervensieprogramme bestaan, veral onder adolessente, en is 'n groot uitdaging vir geneeskundiges en opvoedkundiges. Selfs minder TV-kyk, rekenaarspeletjies speel en ander sedentêre aktiwiteite kan help om obesiteit te laat afneem. Genoeg kennis van FA, soos duur van oefening, intensiteit, tipe oefening en frekwensie is belangrik rakende die beheer en behandeling van obesiteit.

Antropometrie help met die identifisering van obesiteit en wanvoeding by kinders en adolessente, wat sodoende kan help met die behandeling van die probleem. Velvou-metings en Bod Pod is metodes wat besonder akkuraat en betroubaar is vir die bepaling van vetpersentasie. Groei kan LS verander en moet in ag geneem

word tydens die bepaling van vetpersentasie. Akkuraatheid en betroubaarheid van antropometriese metings is belangrik, veral tydens adolessensie.

Adolessensie is 'n kritieke tyd — nie net fisies nie, maar ook psigologies. SK en persoonlike identiteit ontwikkel tydens hierdie puberteitfase en kan liggaamsbeeld-ontevredenheid meebring, wat kan lei tot psigologiese, emosionele en sosiale probleme. FA verbeter nie alleen LS nie maar ook SK, 'n besef van eiewaarde en moreel en is dus belangrik — nie net om gesondheidsredes nie. FA moet 'n leefstyl word. Min data is beskikbaar oor swart adolessente en die verband tussen FA, LS en SK. In hierdie studie sal dus gepoog word om 'n bydrae op hierdie gebied te lewer.

2.6 BIBLIOGRAFIE

ABRAHAM, S., COLLINS, G. & NORDSIECK, M. 1971. Relationship of childhood weight status to morbidity in adults. *HSMHA Health republic*, 86:273-284.

ADAMS, K., SARGENT, R.G., THOMPSON, S.H., RICHTER, D., CORWIN, S.J. & ROGAN, T.J. 2000. A study of body weight concerns and weight control practices of 4th and 7th grade adolescents. *Ethnicity and health*, 5(1):79-94.

AJZEN, I. & FISHBEIN, M. 1980. Understanding attitudes and predicting social behavior. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

ANDERSON, N. & WOLD, B. 1992. Parental and peer influences on leisure-time physical activity in young adolescents. *Research quarterly for exercise and sport*, 63:341-348.

BALL, G.C.D., MARSHALL, J.D. & McCARGER, L.J. 2003. Fatness and taness in obese children at low and high health risk. *Pediatric exercise science*, 15:392-405.

BANDINI, L.G., SCHOELLER, D.A. & DIETZ, W.H. 1990b. Energy expenditure in obese and nonobese adolescents. *Pediatric research*, 27:198-203.

BARLOW, C.E., BRILL, P.A., BLAIR, S.N. & KOHL, H.W. 1990. Practical advice on fitness and mortality: a new approach to exercise prescription. *American journal of health promotion*, 4(5):391-393.

BAR-OR, O. 1993. Physical activity and physical training training in childhood obesity. *Journal of sports medicine and physical fitness*, 33:323-329.

BAR-OR, O. & BARANOWSKI, T. 1994. Physical activity adiposity and obesity among adolescents. *Pediatric exercise science*, 6(4):348-359.

BAR-OR, O. & MALINA, R.M. 1995. Activity, fitness and health of children and adolescents. (In Cheung, L.W.Y. & Richmond, J.B., eds. Child health, nutrition, and physical activity. Champaign: Human kinetic publishers. p79-123.)

BAR-OR, O., FOREYT, C., BOUCHARD, K.D. & BROWNELL, W.H. 1998. Physical activity, genetic, and nutritional considerations in childhood weight management. *Medicine and science in sport and exercise*, 30(1):2-10.

BENOTTI, P., BISTRAIN, B., BENOTTI, J., BLACKBURN, G. & FORSE, R. 1992. Heart disease and hypertension in severe obesity: the benefits of weight reduction. *American journal of clinical nutrition*, 55:S586-S590.

BEUNEN, G., MALINA, R.M. & LEFEVRE, J. 1994. Size, fatness and relative fat distribution of males of contrasting maturity status during adolescence and as adults. *International journal of obesity*, 18:670-678.

BINI, V., CELI, F., BERIOLI, M.G., BACOSI, M.L., STELLA, P., GIGLIO, P, TOSI, L. & FALORNI, A. 2000. Body mass index in children and adolescents according to age and pubertal stage. *International journal of obesity*, 54:214-218.

BLUECHARDT, M.H. & SHEPHARD, R.J. 1995. Using an extracurricular physical activity program to enhance social skills. *Journal of learning disabilities*, 28:160-169.

BLUNDELL, J.E. 1984. Behavior modification and exercise in the treatment of obesity. *Postgraduate medical journal*, 60:37-49.

BOILEAU, R.A., LOHMAN, T.G. & SLAUGHTER, M.H. 1985. Exercise and body composition of children and youth. *Scandinavian journal of sport science*, 7(1):17-27.

BONORA, E., DEL PRATO, S., BOUNADONNA, R.C., GULLI, G., SOLINI, A., SHANK, M.L., GIATAS, A.A., LANCASTER, J.L., KILCOYNE, R.F. & ALYASSIN, A.M. 1992. Total body fat content and fat topography are associated differently with in vivo glucose metabolism in non obese and obese non diabetic women. *Diabetes*, 41:1151-1159.

BOSCHI, V., SIERVO, M., D'ORSI, P., MARGIOTTA, N., TRAPANESE, E., BASILE, F., NATSI, G., PAPA, A., BELLINI, O. & FALCONI, C. 2003. Body composition, disorders in adolescent girls. *Annals of nutrition and metabolism*, 47:284-293, Feb. 10.

BOUCHARD, C., SAVARD, R., DEPRES, J.P., TRMBLEY, A. & LEBLANC, C. 1985. Body composition in adopted and biological siblings. *Human biology*, 57:61-75.

BRAY, G.A. 1990. Exercise and obesity (*In Bouchard, C., Shephard, R.J., Stephens, T., Sutton, J.R. & McPherson, B.C. eds. 1990. Exercise fitness and health: a consensus of current knowledge. Champaign, Ill: Human kinetics. p. 457-510.*)

CAMERON, J.W. 1999. Self-esteem changes in children enrolled in weight management programs. *Issues in comprehensive pediatric nursing*, 22:75-85.
composition in adopted and biological siblings. *Human biology*, 57:61-75.

CORBIN, C.B. 2002. Physical activity for everyone: what every physical educator should know about promoting lifelong physical activity. *Journal of teaching physical education*, 21:128-144.

CORBIN, C.B. & PANGRAZY, R.P. 1998. Physical activity for children: a statement of guidelines. *Reston (VA): National association for sport and physical education*:1-21.

CRUM, B. 1993. Conventional thought and practice in physical education: problems of teaching and implications for change. *Quest*, 45:339-356.

CRUM, B. 1996. Changes in movement culture: a challenge for sports pedagogy. (*In* Doll-Tepper, G. & Brettschneider, W-D., eds. Physical education and sports: changes and challenges. Aachen (Germany), Meyer & Meyer. p. 114-131.)

DEHEEGER, M., ROLLAND-CACHERA, M.F. & FONTVIEILLE, A.M. 1997. Physical activity and body composition in 10-year Old French children: linkage with nutritional intake? *International journal of obesity*, 21:372-379.

DE ONIS, M. & HABICHT, J.P. 1996. Anthropometric reference data for international use: recommendations from a World health organization expert committee. *American journal of clinical nutrition*, 64:650-658.

DE RIDDER, J.H. 2005. Liggaamsamestelling by sportlui. (*In* De Ridder, H.J., ed. Die grondaspekte van kinantropometrie. Derde uitgawe. p.80-105.)

DE VILLIERS, F.P.R. 1992. Groei-standaarde en die liggaams massa indeks in kinders. *Geneeskunde*, 34(3):18-23, Apr.

DIETZ, H.W. & GORTMAKER, S.L. 1985. Do we fatten our children at the television set? Obesity and television viewing in children and adolescents. *Pediatrics*, 75:807-812.

DIETZ, H.W. & ROBINSON, T.N. 1998. Use of body mass index (BMI) as a measure of overweight in children and adolescents. *Journal of pediatrics*, 132:191-193.

DIETZ, W.H. 1995. Childhood obesity (In Cheung, L.W. & Richmond, J.B., eds: Child death, nutrition, and physical activity. Champaign. Human kinetic publishers, p. 155-169.)

DIETZ, W.H. 1998. Use of the BMI as a measure of overweight in children and adolescents. *Journal of pediatrics*, 132:191-193.

DILorenzo, T.M., STUCKY-ROPP, R.C., VADER WAL, J.S. & GOTHAM, H.J. 1998. Determinants of exercise among children. II. A longitudinal analysis. *Preventing medicine*, 27:470-477.

DISHMAN, R.K. & GETTMAN, L.R. 1980. Psychobiological influences on exercise adherence. *Journal of sport psychology*, 2:295-310.

DOWDA, M., PATE, R.R., FELTON, M.G., SAUNDERS, R., WARD, D.S., DISHMAN, R.K. & TROST, S.G. 2004. Physical activities and sedentary pursuits in African American and Caucasian girls. *Research quarterly for exercise and sport*, 75(4):352-360, Apr.

DU TOIT, G. & VAN DER MERWE, M.T. 2003. The epidemic of childhood obesity: editorial. *South African medical journal*, 93(1):49-50, Jan.

EMMANAUel, C., ZERVAS, Y. & VAGENAS, G. 1992. Effects of four physical education teaching methods on development of motor skill, self-consept, and social attitudes of fifth-grade children. *Perceptions and motor skills*, 74(3):1151-1167.

EPSTEIN, L.H., KLEIN, K.R. & WINSIEWSKI, L. 1994. Child and parent factors that influence psychological problems in obese children. *International journal of eating disorders*, 15(2):151-157.

EPSTEIN, L.H., VALOSKI, A., WING, R.R. & McCURLEY, J. 1995. Ten-year outcomes of behavioral family-based treatment for childhood obesity. *Health psychology*, 13:373-383.

ERIK, M.S. & GERICKE, G.J. 2000. Household food insecurity as a cause of stunting among young children in South Africa; feeding practices of children

(aged 0-2 years) in a rural area in the North West Province in South Africa (SA). *South African journal of clinical nutrition*, 13(3):126-127, Aug.

ERIKSON, E.H. 1959. The problem of ego identity. *Psychological issues*, 1:101-164.

FEINGOLD, R.S. 1995. Health and physical education: partners for the future. *AIESEP newsletter*, 49:3-9.

FERGUSON, K.J., YESALIS, C.E., POMREHN, P.R. & KIRKPATRICK, M.B. 1989. Attitudes, knowledge, and beliefs as predictors of exercise intent and behavior in schoolchildren. *Journal of school health*, 59:112-115.

FERNANDEZ-BALBOA, J-M. 1997. Knowledge base in physical education teachers education: a proposal new era. *Quest*, 49:161-181.

FLEGAL, K.M. 1993. Defining obesity in children and adolescents: epidemiologic approaches. *Critical reviews in food, science and nutrition*, 33:307-312.

FLODMARK, C.E., SVEGER, T. & MILSSON-EHLE, P. 1995. Waist measurement correlates to a potentially atherogenic lipoprotein profile in obese 12-14-year-old children. *Acta paediatrica*, 83:941-945.

FOGELHOLM, M., NUUTINEN, O., PASANEN, M., MYÖHÄNEN, E. & SÄÄTELA, T. 1999. Parent-child relationship of physical activity patterns and obesity. *International journal of obesity*, 23:1262-1268.

FOLKINS, C.H. & SIME, W.E. 1981. Physical fitness training and mental health. *American journal of psychology*, 36:373.

FOMON, S.J., HASCHKE, F., ZIEGLER, E.E. & NELSON, S.E. 1982. Body composition of reference children from birth to age 10 years. *American journal of clinical nutrition*, 35:1169-1175.

FOULTON, J.E., GARG, M., GALUSKA, D.A., RATTYA, K.T. & CASPERSEN, J.C. 2004. Public health and clinical recommendations for physical activity and physical fitness: Special focus on overweight youth. *Sports medicine*, 34(9):581-599.

FOX, K.R. 1987. Making the most of "physical" education: a position on curriculum content. *British journal of physical education*, 18(6):248-251.

FREEDMAN, D.S. & PERRY, G. 2000. Body composition and health status among children and adolescents. *Preventive medicine*, 31:S34-S53.

GALBIS-REIG, D. & CONZALES, E. 2003. Obesity: a large issue. *Journal of modern pharmacy*, 10(10):17-22.

GALLAHUE, D.L. & OZMON, J.C. 1998. Understanding motor development, infants, children, adults. (In McGraw-Hill publications, 4th ed. p.455-456.)

GANI, A. & ZULAIKA, L. 2000. Relationships between physical education classes and the enhancement of fifth grade pupils' self-concept. *Perceptual and motor skills*, 91:246-250.

GARFINKEL, P.E. & COSINA, D.V. 1990. Exercise and obesity. (In Bouchard, C., Shephard, R.J., Stevens, T., Sutton, J.R. & McPherson, B.D., eds. Exercise, fitness and health: a consensus of current knowledge. Champaign, Ill: Human kinetics. p. 511-515.)

GARN, S.M. & CLARK, D.C. 1976. Trends fitness and the origins of obesity. *Pediatrics*, 57:443-456.

GARROW, J.S. & WEBSTER, J. 1985. Quetelet's index (W/H^2) as a measure of fatness. *International journal of obesity*, 9:147-153.

GILLUM, R.F. 1987. The association of the ratio of waist to hip girth with blood pressure, serum cholesterol and serum uric acid in children and youths aged 6-17 years. *Journal of chronic diseases*, 40:413-420.

GODIN, G. & SHEPHARD, R.J. 1984. Normative beliefs of school children concerning regular exercise. *Journal of school health*, 54:443-445.

GOODE, R.C., VIRGIN, A. & ROMET, T.T. 1976. Effects of a short period of physical activity in adolescent boys and girls. *Canadian journal of applied sport sciences*, 1:241-250.

GORAN, M.I., BEER, W.H., POEHLMAN, E.T., WOLFE, R.R. & YOUNG, V.R. 1993. Variation in total energy expenditure in young, healthy free living men. *Metabolism*, 42:487-496.

